Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

MUSIEK V1
MEMORANDUM

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 65 bladsye.

r

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES afdelings, naamlik AFDELINGS A tot F.
2. Beantwoord AFDELING A slegs in potlood, in die spasies wat op hierdie vraestel voorsien word.
3. Beantwoord AFDELINGS B en C of D of E in blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Jy mag vir die duur van die eksamen nie toegang tot enige musiekinstrument hê nie.
6. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Hierdie bladsy mag verwyder word.
7. Gebruik die tabel op die volgende bladsy as ’n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.
8. Skryf netjies en leesbaar.

NASIENROOSTER

AFDELING	VRAAG	PUNTE	NASIENER	MODERATOR
A: Musiekteorie (VERPLIGTEND)	1	20		
	2	15		
	3	10		
	4	15		
	SUBTOTAAL	**60**		
		EN		
B: (VERPLIGTEND)	5	10		
	6	10		
	SUBTOTAAL	**20**		
		EN		
C: WAM	7	10		
	8	13		
	9	7		
	SUBTOTAAL	**30**		
		OF		
D: JAZZ	10	12		
	11	10		
	12	8		
	SUBTOTAAL	**30**		
		OF		
E: IAM	13	10		
	14	9		
	15	11		
	SUBTOTAAL	**30**		
		EN		
F: (VERPLIGTEND)	16	5		
	17	5		
	18	5		
	SUBTOTAAL	**10**		
	GROOTTOTAAL	**120**		

AFDELING A: MUSIEKTEORIE

Beantwoord **VRAAG 1**, **2.1** OF **2.2**, **3**, EN **4.1** OF **4.2**.

VRAAG 1

Bestudeer die uittreksel uit *Sonate Nr.4, Op.7* deur L. van Beethoven hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



1.1 Wat is die hooftoonsoort en verwante toonsoort van hierdie Sonata?

Toonsoort: E-mol majeur ✓

Verwante toonsoort: C Mineur ✓ (2)

1.2 Vul die korrekte tydmaatteken in by die blokkie voorsien op die musiekpartituur. 6/8 (ses agste) ✓✓ (2)

1.3 Beskryf die volgende musiekterme:

1.3.1 *Allegro molto e con brio*

Vinnig met krag ✓

1.3.2 ***sf***

Skielike sterk aksent ✓ (2)

1.4 Skryf die E-mol pentatoniese toonleer, afgaande, sonder 'n toonsoortteken. Gebruik die bassleutel en heelnote.



Afgaande ½ (4)

1.5 Noem die intervalle gemerk (a) en (b), byvoorbeeld: (c) Majeur sekunde/tweede.

(a) Volmaakte/Rein Oktaaf ✓

(b) Volmaakte/Rein Vierde/Kwart ✓ (2)

1.6 Vergelyk maat 5 en 6 met maat 7 en 8. Identifiseer die komposisietegniek.

Antwoord: Sekwens ✓ (1)

1.7 Transponeer maat 5 en 6 van die regterhandparty vir 'n Klarinet in B-mol. Gebruik die diskantsleutel en onthou om die nuwe toonsoortteken by te voeg.



(5)

1.8 Skryf die volgende drieklank, sonder toonsoortteken, in die gevraagde posisie. Gebruik die altsleutel en heelnoot-waardes

E-mol majeur: Submediant-drieklank in eerste omkering.



(2)

[20]

VRAAG 2

BEANTWOORD VRAAG 2.1 OF **VRAAG 2.2**.

2.1 Gebruik die onderstaande openingsmotief om 'n agt-maat melodie in AB-vorm te voltooi vir die instrument van jou keuse. Dui die instrument waarvoor jy skryf aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by. (Klavier sal nie aanvaar word nie.)

Instrument: (Voorbeeld: Viool)



Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Vorm en kadenspunte	4 (2 + 2)	
Musikaliteit	6	
Akkoordprogressie	7 (1 per maat)	
Dinamiek en artikulasie	4	
Korrekte notasie	7 (1 per maat)	
Instrument en toepaslike omvang	2	
TOTAAL	30 ÷ 2 = **15**	

[15]

OF

2.2 Gebruik die onderstaande openingsmotief om ’n agt-maat melodie in AB-vorm te voltooi vir die instrument van jou keuse. Dui die instrument waarvoor jy skryf aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by. (Die klavier sal nie aanvaar word nie.)

Instrument: (Voorbeeld: Tjello)



Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Vorm en kadenspunte	4 (2 + 2)	
Musikaliteit	6	
Akkoordprogressie	7 (1 per maat)	
Dinamiek en artikulasie	4	
Korrekte notasie	7 (1 per maat)	
Instrument en toepaslike omvang	2	
TOTAAL	30 ÷ 2 = **15**	

[15]

VRAAG 3

Bestudeer *Hark! The Herald Angels Sing* deur F. Mendelssohn hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



3.1 Noem die nie-harmonienote gemerk (a) en (b).

(a) Onder-hulpnoot of Onder-wisselnoot ✓

(b) Terughouding ✓ (2)

3.2 Noem die kadens by ((c). Skryf die toonsoort, akkoordprogressie en naam van die kadens, byvoorbeeld G: V – VI, onderbroke kadens.

(c) F: V – I, Volmaakte kadens (2)

3.3 Besyfer die akkoorde gemerk (d) tot (g), byvoorbeeld F: I_b of I_6 of F/A.

(d) F: I^6 (½ toonsoort; ½ besyfering)

(e) F: V^5_3 (½ toonsoort; ½ besyfering)

(f) F: VI^5_3 (½ toonsoort; ½ besyfering)

(g) F: IV^5_3 (½ toonsoort; ½ besyfering) (4)

3.4 Herskryf die regterhandparty van MAAT 1 in helfte die tyd. Onthou om 'n nuwe tydmaatteken by te voeg.



(2)
[10]

VRAAG 4

BEANTWOORD VRAAG 4.1 OF **4.2**.

4.1 Voltooi die onderstaande vierstemmige harmonisering deur gepaste akkoorde in die gegewe styl te gebruik. Gebruik ten minste EEN nie-harmonienoot in enige van die drie partye wat jy byvoeg



Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Keuse van akkoorde (8 akkoorde)	8 (Minus ½ punt per fout)	
Nie-harmonienoot	1	
Korrektheid: notasie, stemvoering, verdubbeling en spasiëring	6 (Minus ½ punt per fout)	
TOTAAL	**15**	

[15]

OF

4.2 Voltooi *BLUES in D* deur die leë mate te voltooi. Maak seker dat jy die styl van die gegewe materiaal voortsit.



Jou antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Akkoordprogressie: keuse van akkoorde (8 akkoorde)	8 (Minus ½ punt per fout)	
Korrekte notasie, stemvoering en spasiëring (8 akkoorde)	12 (Minus ½ punt per fout)	
Algehele indruk	10	
TOTAAL	30 ÷ 2 = **15**	

[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

Beantwoord die vrae in hierdie afdeling in die spasies wat op die vraestel voorsien is.

VRAAG 5 (VERPLIGTEND)

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A tot E) langs die vraagnommer (5.1 tot 5.10) in die blokkie voorsien.

5.1 Watter EEN van die volgende groepe instrumente word meestal in ŉ jazz-kwartet gebruik?

A Klavier, Elektriese klawerbord, Saksofoon
B Klavier, Hobo, Tromstel, Baskitaar
C Klavier, Tromstel, Elektriese kitaar, Timpani
D Klavier, Kontrabas, Tromstel, Saksofoon
E Klavier, Tromstel, Akoestiese kitaar, Harmonika

D (1)

5.2 Kies die mees korrekte betekenis van *presto* hieronder.

A Baie vinnig
B Baie stadig
C Baie lig
D Baie gejaagd
E Baie sag

A (1)

5.3 ŉ Gepunteerde *halfnoot* is gelyk aan …

A 6 kwartnote.
B 1 heelnoot.
C 14 sestiende note.
D 3 kwartnote.
E 7 agstenote.

D (1)

5.4 Watter van die volgende is NIE ŉ jazzstyl NIE?

A Bebop
B Modale jazz
C Hardbop
D Nokturne
E Dixieland

D (1)

5.5 Watter van die volgende is NIE ŉ tradisionele Afrika-instrument NIE?

A Uhadi
B Sitar
C Gora
D Ndjele
E Impempe

B (1)

5.6 Watter instrument hieronder gebruik die altsleutel?

A Klarinet
B Klavier
C Piccolo
D Tjello
E Altviool

E

(1)

5.7 ’n Pentatoniese toonleer bestaan uit ...

A 1 noot.
B 2 note.
C 3 note.
D 4 note.
E 8 note.

D

(1)

5.8 Roep en antwoord word meestal in … gevind.

A Rockmusiek
B Afrika-musiek
C Jazz
D Westerse kunsmusiek
E Indiese musiek

B

(1)

5.9 Watter instrument word gewoonlik met die Barokperiode geassosieer?

A Fluit
B Harp
C Saksofoon
D Klavier
E Klavesimbel

E

(1)

5.10 Watter EEN van die volgende teksture sal twee individuele melodiese lyne die beste beskryf?

A Homofonie
B Heterofonie
C Bifonie
D Polifonie
E Monofonie

D

(1)
[10]

BEANTWOORD VRAAG 6.1 ÓF **VRAAG 6.2** EN DAN **VRAAG 6.3**.

VRAAG 6: MUSIEKTEATER EN ROCK AND POP

WESTERSE KUNSMUSIEK EN JAZZ

6.1 MUSIEKTEATER

6.1.1 Jy word gevra om 'n resensie oor die musiekblyspel *My Fair Lady* te skryf. Skryf 'n paragraaf waarin jy 'n opsomming gee oor die storielyn en kortliks die betekenis van die lied, *The Rain in Spain*, verduidelik.

- Gekomponeer deur Frederick Loewe
- Speel af in 1912 in Londen waar sosiale klasse pas wetlik gelykstel is.
- Eliza Doolittle verkoop blomme in *Covent Garden*, Londen.
- Haar pa, Alfred Doolittle, is 'n vrolike vullisman wat slegs in die hede lewe, en Eliza is baie verdraagsaam teenoor hom.
- Prof. Higgins en Kol. Pickering stel daarin belang om mense se aksente te bestudeer.
- Die geleerde professor, Henry Higgins, wil 'n eksperiment uitvoer om aan sy vriend en kenner van dialekte in Indië, Kolonel Pickering, te bewys dat hy, Higgins, 'n uitstekende onderwyser is.
- Vir hierdie eksperiment kies hy 'n blommeverkoopster, Eliza Doolittle, om by hom te woon en haar Cockney-Engels dialek van die omgewing waar sy woon te transformeer sodat sy die korrekte Engels praat.
- Wanneer Henry Higgins vir Eliza hoor praat, is hy ongelooflik onbeskof oor haar aksent.
- Die toneelstuk is toegespits op hoe hy sy doel bereik en die verhouding wat tussen hom en Eliza ontwikkel.
- Hy transformeer ook haar maniere, klere en sosiale aanvoeling sodat sy kan deurgaan as 'n "*upper class lady*".
- Hulle gaan na 'n formele dans en Higgins is so ingenome met die sukses van sy eksperiment dat hy Eliza ignoreer en sy toe besluit om eerder sy huis te verlaat om weer 'n blommeverkoopster te word.
- Higgins erken sy gevoelens teenoor haar en sy besluit toe om terug te keer na sy huis, maar hul verhouding word doelbewus nie opgelos nie.

- *The Rain in Spain* is 'n trio gesing deur Eliza, Higgins en Pickering.
- Na baie streng en lang taalklasse by Prof. Henry Higgins kom die deurbraak in die uitspraak wanneer Eliza die sin *"the rain in Spain stays mainly on the plain"* met die regte uitspraak kan sê.
- Die lied is in tweeslagmaat en gee uitdrukking van geluk en opgewondenheid.
- Tipies van die lied is die vrolike ritme van 'n habanera ('n Kubaanse dans in tweeslagmaat).
- Die lied eindig met 'n hartstogtelike fandango dans ('n ou Spaanse lewendige volksdans) in drieslagmaat en met die uitroep "Olé"!

Enige vier storielyn-feite + enige twee lied-feite × ½ punt elk (3)

6.1.2 Verduidelik die betekenis van die lied *Maria* in die musiekblyspel *West Side Story.*

- "*Maria*" is 'n lied uit die Broadway musiekblyspel "*West Side Story*" en word gesing deur die hoofkarakter Tony wanneer hy hoor dat die meisie op wie hy verlief is, se naam Maria is.
- Die musiek is gekomponeer deur Leonard Bernstein en Stephen Sondheim het die lirieke geskryf.
- Die lied is in 1956 gepubliseer.
- Die lied begin waar Tony haar naam herhaal.
- Die naam Maria word 27 keer gepraat of gesing.
- Die lied begin in B majeur en moduleer dan na E-mol majeur.
- Dit begin in 'n stadige, vrye tempo en verander later na 'n matige tempo. **Enige 4 feite × ½ punt elk** (2)

OF

INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK

6.2 **MUSIEKTEATER**

Skryf 'n paragraaf oor EEN van die volgende Inheemse musiekblyspele.

- *Mxongolo*
- *Tshigombela*
- *Tshikona*
- *Indlamu*
- *Famo*
- *Kiba/Mmapadi*

Gekose musiekblyspel: KIES EEN

Mxongolo:

- Dit is 'n Tsonga-vertolkingsdans wat gewoonlik deur ouer mans tydens tradisionele feesvierings opgevoer word.
- Begeleiding kan ook sang en stadige voetstamp wees.
- Die *Mxongolo* word dikwels begelei deur mans wat tromme, horings en ander musiekinstrumente soos die *mbila (timbila)* bespeel.
- Die *Mxongolo*-dans vereis dat die dansers fisies fiks en rats moet wees omdat hulle bolmakiesies, skoppe en stampe uitvoer.
- Die instrumente by die *Mxongolo* sluit in tromme (*xigubu)* tradisioneel van springbokvel en 'n boomstomp gemaak. **Enige 5 feite**

Tshigombela:

- Die *tshigombela* is ʼn Venda-vertolkingsdans wat slegs deur vroue of meisies uitgevoer word.
- Dit is ʼn feestelike dans uitgevoer by sosiale byeenkomste en seremonies.
- Tradisioneel was dit slegs bedoel vir ongetroude meisies, maar dit het ná 1970 verander weens veranderinge in die Venda-gemeenskap.
- Die *tshigombela* word soms gelyktydig saam met die *tshikona* uitgevoer.
- Die tempo is vinnig en skerp
- Terwyl daar gesing word, skop en stamp die dansers hulle voete teen die grond.
- Klimaks word bereik wanneer die vrouens en dogters die "u gaya" doen.
- *Tshigombela*- liedere het ʼn leier wat die hoogpunte sing terwyl die res as agtergrond beskou word.
- Tydens die *tshigombela*-dans word heelwat liedere van bespotting gesing. **Enige 5 feite**

Tshikona:

- Die *tshikona* is ʼn Venda-vertolkingsdans wat deur die Venda-mense beskou word as hulle nasionale dans.
- *Tshikona* is ʼn koninklike dans wat hoofsaaklik deur mans gedans word.
- Elke oppermag of hoofman het sy eie *tshikona*-orkes.
- Word gespeel deur ʼn groot groep mense by verskeie geleenthede soos begrafnisse, troues of geestelike seremonies.
- Elke speler het ʼn pyp wat uit inheemse bamboes gemaak word.
- Elke speler speel een noot op ʼn keer en word afgewissel sodat ʼn melodie gevorm kan word.
- Dansers beweeg in ʼn sirkel en spring op en af. **Enige 5 feite**

Indlamu:

- *Indlamu* is ʼn tradisionele Zoeloe-vertolkingsdans.
- Word ook na verwys as ʼn Zoeloe-oorlogsdans
- Word by troues gedans
- Die danser lig sy een voet hoër as sy kop en sit dit hard neer sodat sy voet op die swak pols land.
- Twee dansers, geklee in krygsvelle, voer die *indlamu* roetines uit terwyl hul mekaar se bewegings identies naboots.
- Eerstens kom die mans die dansvloer binne en sing ʼn voorbereidingslied, die *isaga.*
- Hulle benader die dansvloer gewoonlik gebukkend in dubbelrye en dan sing hulle die *isaga.*
- Daarna volg die stamlied (ihubo) wat die hoof-begeleidende danslied is.
- *Indlamu* verwys ook na die kort tradisionele rok wat met krale versier word en eie is aan die jong Swazi meisies wanneer hulle die *umhlanga* (rietdans) uitvoer.
- *Indlamu* is ʼn populêre groepsdans wat met die begeleiding van tromme en pype vertolk word.
- Die gesinchroniseerde voetestamp is kenmerkend van die *indlamu*.

Enige 5 feite

Famo:

- Die famo is ʼn tipe musiek vanaf Lesotho afkomstig.
- Bestaan hoofsaaklik uit sang wat deur ʼn trekklavier, trom en af en toe ʼn bas begelei word.
- Ontstaan in die drinkkamers waar die rondtrekkende werkers van Lesotho ontspan het nadat hulle by die myne gedurende die 1920's gewerk het.
- Bestaan uit ʼn manlike of vroulike sanger en ululasie
- Liedjies verwys soms na die stadslewe en vroulike sangers kan d.m.v. sang hul manlike teenhangers uitdaag.
- Famo-liedere het ontwikkel uit die vermenging van die Sotho-mans se selfbegeleidende stapliedere oppad werk toe met die dansmusiek gespeel op die trekklaviere in die myn-smokkelkroeë. **Enige 5 feite**

***Kiba/Mmapadi*:**

- Die woord *Kiba* word in Noord-Sotho gebruik vir 'slaan' en is ook die naam van die grootste trom wat vir hierdie genre gebruik word.
- Die woord "kiba" beteken om "ritme te hou of te stamp" en word gebruik om een van die bekendste Pedi-danse te beskryf.
- Kiba-musiek word slegs in sommige dele van Suider-Afrika gevind, veral in die Noordelike dele van Suid-Afrika in die Limpopo provinsie.
- Kiba-musiek het hoofsaaklik ontstaan as ʼn manlike kunsvorm wat deur mans domineer word.
- Bestaan uit 8 tot 10 pypblasers waarvan een die leier (bekend as *malokwane*) en drie tromspelers is.
- Die dansers speel rietpype wat vanaf verskillende hoeke af geblaas word.
- Die kiba word begelei deur die maropa-tromme.
- Mans dra tradisionele Skotse rompies en vroue dra tradisionele drag wat vir die eerste keer ná ontgroening aangetrek word.
- Tromme word selde deur mans gespeel, aangesien ʼn stel tromme deur ten minste drie vrouens gespeel word wat bestaan uit ʼn groot trom (kiba), ʼn medium-grootte trom (*maropa wa diatla*) en twee ongeveer identiese klein tromme (*ditinti*).
- *Mmapadi* is ʼn dans vir vroue van Limpopo. **Enige 5 feite** (5)

EN

6.3 ROCK AND POP (VERPLIGTEND)

Jy is gevra om ŉ *Grammy*-toekenning aan EEN van die kunstenaars op die lys hieronder te oorhandig. Daar word ook van jou verwag om ŉ kort oorsig van die groep of kunstenaar van jou keuse op ŉ lewendige televisie-uitsending te lewer. Skryf jou toespraak hieronder neer.

- U2
- Westlife
- Metallica
- David Bowie
- Salt-N-Pepa
- Spice Girls
- Boys II Men
- Seal
- Prince
- Michael Jackson
- Hugh Masekela
- Caiphus Semenya
- Angélique Kidjo
- Khaja Nin
- Manu Dibango
- Miriam Makeba
- Letta Mbulu
- Philip Tabane
- Fela Kuti
- Jonas Gwanga
- Oliver Mtukudzi
- Baaba Maal

U2

- Hierdie Ierse groep is in Dublin gestig
- Die groep is in 1976 gestig en bestaan uit Larry Mullen Jr. (tromme en perkussie), Adam Clayton (baskitaar), Paul Hewson (bekend as Bono; sang) en Dave Evans (bekend as The Edge; kitaar).
- U2 is by die Mount Temple Comprehensive School in 1976 gestig toe hulle nog tieners met min musikale vaardigheid was.
- Binne vier jaar het hulle deur Island Record hulle eerste album Boy (1980) vrygestel.
- Teen die middel-80's het U2 ŉ top internasionale bedryf geword.
- Hulle album The Joshua Tree het van hulle supersterre gemaak.
- U2 het deur hulle 1991 album, Achtung Baby, en die begeleidende Zoo TV-toer hulself as't ware heruitgevind.
- Hulle U2 360º – toer van 2009 – 2011 was die beste bygewoon en het die meeste geld gemaak nog ooit in die geskiedenis van konserttoere deur musiekgroepe.
- U2 het 12 ateljee-albums vrygestel en met meer as 150 miljoen plate/CD's wat wêreldwyd verkoop is, is hulle die musiekkunstenaars met die hoogste plate/CD-verkope.
- Hulle het 22 *Grammy*-toekennings gewen en in 2005 is hulle ingesluit in die 'Rock and Roll Hall Of Fame".
- Rolling Stone het U2 as nommer 22 op die lys van "100 Grootste Kunstenaars van Alle Tye" geplaas.
- Hulle maak gebruik van sintetiseerders, distorsie en elktroniese polse wat van alternatiewe rock, industrie-musiek, dans en hip-hop afkomstig is.

Enige 5 feite

Westlife

- Hulle is in Ierland in 1998 gevorm.
- Die finale groepslede was Kian Egan, Nicky Byrne, Mark Feehily en Shane Filan.
- Hulle het eers as Westside bekendgestaan, maar omdat die naam alreeds aan ŉ ander groep behoort het, het hulle hul naam na Westliefe verander.
- Hulle groot deurbraak het in 1998 gekom toe hulle vir die Backstreet Boys in ŉ voorkonsert in Dublin opgetree het. Net daarna het hulle die "Best New Tour Act' by die Smash Hit Poll Winners' Party gewen.
- Eerste enkelsnit-vrystelling is 'Swear It Again' in Maart 1999.
- Tussen 1999 en 2004 neem hulle vier albums op, en net daarna verlaat Bryan McFadden die groep.
- Hulle het nog twee albums vrygestel en begin ook hul eerste Asiatiese toer op 4 September 2006.
- Hulle het tussen 1999 en 2006 altesaam 14 VK nommer 1 enkelsnitte gehad.
- Hulle is die enigste groep in die geskiedenis van VK trefferslyste om met hulle eerste sewe enkelsnitte onmiddellik nommer een-posisie te behaal.
- Hulle het 34 miljoen albums wêreldwyd verkoop, en hulle het ses multi-platinumalbums in die VK alleenlik.
- Hulle het ITV se Plaat van die Jaar-kompetisie vier keer gewen met *Flying without wings* (1999), My Love (200), Mandy (2003) en *You Raise Me Up* (2005).
- Hulle het ook twee Britse toekennings en Beste Ierse Popgroep-prys by die Meteor Ierland Musiektoekennings in 2007 gewen.
- Hulle sang is altyd passievol en indrukwekkend. **Enige 5 feite**

Metallica

- Metallica is ŉ Amerikaanse *heavymetal*-groep wat in 1981 gestig is.
- Hulle is beroemd vir hulle sogenaamde *heavy metal*-musiek wat elemente van punk en Britse *metal*-styl musiek insluit.
- Die groep het besluit om hulle aggressiewe, vinnige tempo's te laat vaar om hul musiek en ekspressiewe omvang te verbreed.hulle musiek raak meer alternatiewe *rock* met ŉ nuwe aanslag wat fokus op woede, verlies en vergelding.
- Dit bestaan uit Lars Ulrich (tromme), James Hetfield (kitaar en lirieke), Kirk Hammett (kitaar), en Jason Newsted (plaasvervanger vir Cliff Burton wat in 1986 oorlede is).
- Hulle eerste vrystelling was ŉ sewe-lied band getitel '*No Life 'Til Leather'*
- Na twee jaar in Los Angeles het Metallica verskuif na San Francisco
- Hulle vlieg na New York waar hulle hul eerste vollengte album, 'K*ill 'Em All'*, opneem en vrystel in 1983 onder die Magaforce-etiket.
- In 1984 stel hulle "*Ride The Lightning*" vry, en in 1086 '*Master of the Puppets*'.
- Die baskitaarspeler Cliff Burton is op slag dood toe *Metallica* se toerbus van ŉ gladde ysbedekte pad in Swede ontspoor het tydens hulle Engeland / Europa-toer.
- *Metallica* het Jason Newsted as die nuwe baskitaarspeler gebruik en die toer voorgesit.

- *'…….And Justice for All'*, die orkes se eerste ateljee-album sedert Burton se dood, is in 1988 vrygestel en behaal die Top Tien-ranglys.
- Metallica ontvang hulle eerste *Grammy*-nominasie in 1989 vir '…….*And Justice for All'* in die kategorie Beste Hard Rock/Metal Vokale Uitvoering.
- Metallica (deur aanhangers bekend as *The Black Album*) is in Oktober 1990 opgeneem deur vervaardiger Bob Rock, maar eers in 1991 vrygestel.
- Die *Metallica*-album het in 10 lande nommer een status bereik met verkope van 650 000 eenhede in die VSA tydens die eerste week. Dit was ook 16 keer gesertifiseer vir sy platinum-status in Amerika.
- In April 1992 tree *Metallica* by die Freddie Mercury Gedenkkonsert op en sing ŉ stel van drie liedere.
- Die groep stel hulle sesde album, '*Load'*, in 1996 vry wat debuteer as nommer een op die *Billboard* 200 en ARIA *Charts* – dit is hulle tweede Nommer Een Lied.
- Die volgende album, '*Reload'*, is in 1997 vrygestel en debuteer ook as nommer een-lied op die *Billboard* 200, asook nommer twee op die Top Kanadese Album-ranglys.
- In April 1999 neem *Metallica* twee uitvoerings saam met die San Francisco Simfonie-orkes o.l.v. Michael Kamen op.
- In 2003 debuteer *Metallica* se agste ateljee-album, '*St. Anger'*, as nommer een-lied op die *Billboard* 200.
- Die snit, St. Anger, wen die *Grammy*-toekenning vir die Beste *Metal* Uitvoering in 2004, en was die amptelike temalied van die WWE se SummerSlam 2003.
- Tydens 2005 neem die groep ŉ breek om tyd met familie en vriende te spandeer.
- In 2009 word *Metallica* ingehuldig in die *Rock and Roll Hall of Fame*.

Enige 5 feite

David Bowie

- David Robert Jones, met die verhoognaam David Bowie, is in 1947 in Brixton, Londen, gebore.
- Hy is ŉ popsanger, komponis, vervaardiger, verwerker, akteur en ŉ multi-instrumentalis wat die kitaar, klawerborde, harmonika, saksofoon, stilofoon, altviool, tjello, mbira (duimklavier), tromme en perkussie kan speel.
- Bowie stel sy eerste solo-album, "David Bowie", in 1967 vry deur *Deram Record* – dit is ŉ vermenging van psigedeliese- en lekker luister-musiek.
- In 1970 stel Bowie "*The Man Who Sold The World*" vry met ŉ meer *heavy rock*-klank as sy vorige akoestiese kitaaralbum.
- Hierdie album stel ook sy belangstelling in ŉ tweeslagtige voorkoms bekend.
- *The rise and Fall of Ziggy Stardust and the Spiders from Mars*-album (1972) tipeer die glam-rock-klank en stel sy rooi hare en uitspattige uitrustings beide op die verhoog en op sy CD-omslae, ten toon.
- Die sukses van *The rise and Fall of Ziggy Stardust and the Spiders from Mars*-album het oornag van Bowie ŉ kontroversiële popster gemaak.
- *Diamond Dogs* (1974) toon Bowie se ontwikkeling na die *soul*/disko-musiekgenre.

- *Diamond Dogs* bevat sy eerste nommer een-treffer in die VSA wat hy en John Lennon saam geskryf het.
- In 1976 stel Bowies die eerste van sy Berlyn Trilogie-albums vry, "*Low*", opgevolg deur "*Heroes and Lodger*" (1979)
- Hy skryf sy eerste kommersiële lokettreffer "*Let's Dance*" (1983) se klankbaan.
- Die album "Tonight" is dans-geörieenteerd met Tina Turner as gaskunstenaar.
- Sy album *Scary Monsters* is innoverend en het ŉ harde rock-klank.
- *Blue Jean* het ŉ 22 minuut lange musiekvideo deur die regisseur Julien Temple en toon Bowie se belangstelling om musiek en drama te kombineer.
- In 1985 sing Bowie van sy grootste treffers by die *Wembley for Life Aid*.
- Sy laaste dansalbum *Never let me down* (1987) het ŉ harder *rock* met ŉ tikkie dansklanke.
- In 1992 trou Bowie die super-model Iman.
- In 1996 is David Bowie ingehuldig by die *Rock and Roll Hall of Fame* tydens die 11de jaarlikse inhuldigingseremonie
- Vir meer as veertig jaar al word hy as popmusikant vereer.
- Bowie is op 10 Januarie 2016 aan lewerkanker oorlede, twee dae na die vrystelling van sy finale album, *Blackstar* (2016). **Enige 5 feite**

Salt-N-Pepa

- Salt-N-Pepa is ŉ meisies-rapgroep van Amerika wat in 1985 ontstaan het.
- Die oorspronklike lede van die groep was Cheryl James, Sandra Denton, en Latoya Hanson. Hanson is vervang deur Deidra Roper.
- Omdat Salt-N-Pepa een van die eerste meisies-rapgroepe was, het hulle gesukkel om platekontrakte te kry; daardie tyd was seunsgroepe ŉ gewilde keuse.
- ŉ Onafhanklike platemaatskappy het in 1985 hulle eerste enkelsnit, "*The Showstopper*", onder hulle oorspronklike groepnaam (Super Nature) vrygestel en dit was ŉ groot sukses.
- Met die sukses van "*The Showstopper*" verander die groep se naam na Salt-N-Pepa, en hulle onderteken ŉ kontrak vir die opname van ŉ vollengte album by die onafhanklike Next Plateau Records-maatskappy.
- Dit was die tyd wat Roper vervang is met DJ Latoya Hanson as DJ Spinderella.
- Hulle eerste album, *Hot, Cool & Vicious* (1986), is deur die groep se bestuurder, Hurby "Luv Bug" Azor vervaardig.
- Die groep se eerste groot treffer "*Push It*" bereik platinum-status in Amerika en vele ander lande. Dit is ook die eerste goue of platinum album wat deur ŉ vroue rap-groep vrygestel is.
- "*Push It*" is ook vir ŉ *Grammy-toekenning* genomineer.
- Hulle tweede album *A Salt with a Deadly Pepa* verskyn in 1988.
- Die groep se derde album *Black's Magic* verskyn in 1990.
- Dié album het 1,5 miljoen kopië verkoop waarvan 1 miljoen in Amerika was.
- *Very Necessary* (1993) was hulle vierde album.
- Hierdie album het sewe miljoen kopieë wêreldwyd verkoop (5 000 000 in die VSA alleenlik) en maak van Salt-N-Pepa die eerste vroulike rap-

kunstenaar (solo of groep) wat ŉ platinum-verkoper-album gehad het.

- Die trio wen die *Grammy-toekenning* vir beste rap-uitvoering in 1995 vir die enkelsnit *None of Your Business.*
- Hulle stel hul 5de album, *Brand New* , in 1997 vry onder *Red Ant* wat kort daarna bankrot verklaar is.
- Die stel hul grootste treffers-album, bekend as *Salt-N-Pepa: The best Of* in 2000 vry.
- Hulle verander die voorkoms van hip-hop deur skrapse, sexy klere te dra en hulle was nie bang om oor seks en hul gedagtes oor mans te praat nie.
- Hulle het offisieel in 2002 ontbind.
- Die trio se trefferliedjie "Shoop" het in Februarie 2016 ŉ herverskyning gemaak as een van die hoof-temaliedjies wat in die komiese Marvel lokettreffer *Deadpool* gebruik word. **Enige 5 feite**

Spice Girls

- Die *Spice Girls* het in Engeland in1994 ontstaan.
- Dit het uit vyf lede, elk met ŉ bynaam, bestaan: Melanie Brown ("*Scary Spice*"), Melanie Chrisholm ("*Sporty Spice*"), Emma Bunton ("*Baby Spice*"), Geri Halliwell ("*Ginger Spice*") en Victoria Beckham ("*Posh Spice*").
- Die groep was eers as '*Touch'* bekend, maar het later na '*Spice'* verander. Na konflik met ŉ ander Britse groep is hulle uiteindelik die *Spice Girls* genoem.
- *Spice Girls* teken hul eerste kontrak met *Virgin Records*-platemaatskappy in 1995.
- Hulle debuutenkelsnit *Wannabe*, wat in 1996 vrygestel is, het die eerste plek in vyf-en-dertig lande behaal.
- Hulle debuutalbum *Spice* het meer as dertigmiljoen kopieë wêreldwyd verkoop.
- Die *Spice Girls* se tweede album, "*Spice World*", is in November 1997 uitgereik en het meer as twintig miljoen kopieë wêreldwyd verkoop.
- Geri Halliwell ("*Ginger Spice*") het in 1998 die groep verlaat omdat sy ŉ blaaskans wou neem van musiekopnames en toere.
- *Viva Forever* was hulle eerste vrystelling as ŉ kwartet.
- In 2001 het die oorblywende lede saam besluit om ŉ blaaskans te neem en op hulle solo-loopbane te konsentreer.
- In Desember 2006 ontvang hulle drie toekennings van *Smash Hits*: Beste Britse Groep, Beste Nuwe Uitvoering, en Beste Pop Video (*Say You'll Be There*).
- In September 1997 is *Spice Girls* vir hulle lied *Wannabe* vereer deur MTV Video Musiek Toekennings in New York as die Beste Dansvideo.
- In 1997 stel hulle die film *Spiceworld: The Movie* vry wat ŉ totaal van $70 miljoen wêreldwyd gemaak het.
- In 2007 het al vyf lede van die *Spice Girls* herenig vir ŉ wêreldtoer met die naam "*The Return of The Spice Girls*".
- Hulle styl is opgewek en aanmoedigend, en hulle musiek behels dans, ballades, R&B, en hip-hop. **Enige 5 feite**

Boyz II Men

- Amerikaanse R&B-groep wat veral bekend is vir emosionele ballades en *a capella*-harmonieë in hulle musiek.
- Hulle musiekgenre is R&B, *soul* en *new jack swing*.
- Verskeie ander mense het by die groep aangesluit en dit verlaat, maar die permanente lede wat *Boyz II Men* (soos hulle toe bekendgeraak het) in ŉ kwartet wat internasionale bekendheid sou verwerf, was Michael McCary, Nathan Morris, Wanya Morris en Shawn Stockman.
- In 2003 het McCary die groep verlaat weens gesondheidsprobleme en sedertdien het die groep as ŉ trio opgetree.
- Hulle deurbraak het in 1989 gekom toe *Boyz II Men* ŉ lied van New Edition (*Can You Stand the Rain*) aan ŉ lid van *New Edition* (Michael Bivins) voorgedra het. Bivins het ooreengekom om *Boyz II Men* se bestuurder en vervaardiger te word.
- *Boyz II Men* het hulle eerste album, Cooleyhighharmony, vervaardig deur Bivins, in 1991 vrygestel.
- Hierdie album het meer as 9 miljoen kopieë verkoop en die *Grammy-toekenning* vir Beste R&B Uitvoering deur ŉ vokale duo of groep in 1992 gewen.
- Hulle 1992-enkelsnit "*End of the Road*" was deel van die klankbaan van Eddie Murphy se film *Boomerang*.
- "*End of the Road*" het die nommer een-posisie op die *Billboard Hot* 100 in Augustus 1992 bereik. Dit het een van die grootste treffers in die geskiedenis van die musiekindustrie geword en dertien weke lank die eerste plek op internasionale popranglyste beklee.
- *Christmas Interpretations* (1993) het meer as 12 miljoen kopieë in Amerika alleenlik verkoop en word so die grootste album van die dekade.
- Boyz II Men wen twee *Grammy*-toekennings by die 37ste *Grammy Awards* in 1995: Beste R&B Album en Beste R&B Uitvoering deur ŉ vokale duo of groep vir die enkelsnit *I'll Make Love To You.*
- *Boyz II Men* se derde ateljee-album, *Evolution*, vrygestel in 1997, het gemengde resensies gekry.
- Slegs een van *Evolution* se snit (*Four Seasons of Loneliness*) het nommer 1-posisie bereik.
- In 1998 is *Boyz II Men* vir twee *Grammy*'s benoem: Beste R&B Album vir *Evolution* en Beste R&B Uitvoering deur ŉ vokale duo of groep vir 'A Song for Mama'.
- *Full Circle* was die groep se finale album as ŉ kwartet.
- In 2003 het Michael McCary uit die groep bedank en die oorblywende drie lede het ŉ tydelike breek van die musiekindustrie geneem.

Enige 5 feite

Seal

- Henry Olusegun Adeola Samuel se verhoognaam is Seal.
- Hy is ʼn Britse *soul* en R&B-sanger en -liedjieskrywer.
- *Seal* is in 1963 in Londen, Engeland gebore.
- Voor hy op sy musiekloopbaan gekonsentreer het, het hy argitektuur gestudeer.
- Ná hy in die 1980's vir ʼn wyle in plaaslike klubs gesing het, het hy by ʼn Britse *funk*-groep met die naam *Push* aangesluit wat na Japan getoer het en hom die geleentheid gebied het om by ʼn blues-orkes in Thailand aan te sluit.
- Hy het die groep verlaat om Indië op sy eie te gaan verken.
- Op die ouderdom van 23 het hy letsels op sy gesig ontwikkel a.g.v. ʼn raar vorm van veltering.
- Sy deurbraak het gekom in 1990 in Engeland met die opname van sy enkelsnit *Killer* wat nommer een op die VK-ranglys behaal het.
- Ná hierdie sukses het *Seal* ʼn platekontrak geteken by ZTT *Records* wat in 1991 se debuutalbum, *Seal,* vrygestel het.
- Die album *Seal* II is in 1994 vrygestel.
- Kiss (van Rose) het in *Batman Forever* se klankbaan voorgekom en het ʼn nommer een-treffer geword en maak van *Seal* ʼn multi-platinum kunstenaar.
- Hy het *Grammy*-toekennings gewen vir Opname van die Jaar, Lied van die Jaar, en Beste Manlike Vokale Pop Uitvoering.
- Seal het ʼn bydrae gelewer tot die 1996 *Space Jam*-klankbaan met *Fly Like An Eagle*.
- Sy volgende ateljee-album, *Human Being*, is in 1998 vrygestel en *Seal* IV in 2003.
- In 2007 stel *Seal System* vry - sy eerste album wat deur Stuart Price vervaardig is.
- *Soul* , ʼn versameling van groot R&B-kunstenaars se liedere, o.a. Otis Redding, Curtis Mayfield en Ben E. King het in 2008 verskyn.
- *Soul 2* is nog ʼn versameling van klassieke bekendes.
- Seal het met Tyra Banks uitgegaan tydens die begin van sy loopbaan.
- Hy het later met Heidi Klum (gasaanbieder van *Project Runaway*) getrou.
- Hulle het as egpaar in Los Angelos gebly en saam gesing op die klankbaan van *Wedding Day*.
- Hulle het vier kinders en het in 2012 geskei.
- *Soul* is veral bekend vir sy dor, *soul*-agtige en intieme kalmerende stem.

Enige 5 feite

Prince

- Prince Roger Nelson is in 1958 in Amerika gebore, en hy gebruik sy eerste naam as verhoognaam.
- Hy is bekend as ŉ Amerikaanse sanger en liedjieskrywer, multi-instrumentalis en akteur.
- Sy stemomvang wissel tussen falsetto tot bariton en vinnige, flambojante verskuiwing van register sowel as diverse karakterisering.
- Prince was vernoem na sy pa (ŉ pianis en liedjieskrywer) wie se verhoognaam Prince Rogers was.
- Prince het tydens sy loopbaan 30 Top 40- enkelsnitte geproduseer.
- Op sewe jaar het hy sy eerste liedjie, *Funk Machine*, op sy pa se klavier geskryf.
- Hy het in 1975 sy musiekloopbaan begin toe hy by *94 East* aangesluit het, die groep van Pepe Wielie (sy broerskind se man), en hy was die medeskrywer van die lied getitel *Just another sucker*.
- Hy het ŉ platekontrak met *Warner Brothers* gesluit en sy debuutalbum *For you* het in 1978 gevolg.
- Prince het platinum-status bereik a.g.v. die sukses van die enkelsnitte *Why You Wanna Treat Me So Bad?* en *I Wanna Be Your Lover.*
- Sy volgende drie albums was *Dirty Mind* (1980), *Controversy* (1981), en 1999 (1982).
- In 1984 begin hy na sy orkes verwys as *The Revolution* en stel die album *Purple Rain* vry.
- Na die vrystelling van die albums *Around the World in a Day* (1985) en Parade (1986), het *The Revolution* ontbind. Prince stel sy dubbelalbum *Sign "O" the Times* (1987) as solo-kunstenaar vry.
- Hy het nog drie albums geproduseer voordat hy *The New Generation*-orkes in 1991 die lig laat sien het.
- Prince het sy naam vier keer verander tot en met die ontdekking van die onuitspreekbare simbool ☥ (bekend as die liefdesimbool), wat hy vanaf 1993 – 2000 gebruik het.
- In 2000 het hy weer na homself as "Prince" verwys en produseer 13 albums tot en met sy laaste album, 20Ten, wat in 2010 verskyn het.
- Prince is April 2016 aan ŉ oordosis pynstillers oorlede by sy Paisley Park opnamestudio en huis in Minnesota. **Enige 5 feite**

Michael Jackson

- Amerikaanse sanger, liedjieskrywer, plate-regisseur, danser en akteur.
- Hy het as die "koning van pop" bekendgestaan.
- Michael Joseph Jackson (1958 – 2009) is in Gary, Indiana, VSA gebore.
- Sy sangloopbaan het begin op die ouderdom van 5 toe hy saam met sy broers, Jermaine, Tito, Jackie en Marlon in die groep *The Jackson 5* gesing het wat deur hul pa gestig en bestuur is.
- Michael was die hoofsanger vandat hy by die groep aangesluit het.
- Jackson het reeds van ŉ vroeë ouderdom af sy verse onderbreek met ŉ skielike uitroep van *oooh*-geluide wat afkomstig is van Diana Ross wat dit heelwat in haar liedere gebruik het.
- Michael het die groep in 1971 verlaat om ŉ solo-loopbaan te begin en teen die 1980's het hy popmusiek oorheers.
- In 1977 was hy die hoofrol in die swart musiekfilm *The Wiz* (ŉ verwerking van die musiekblyspel *The Wizard of Oz*) saam met Diana Ross.
- Hy was die eerste swart kunstenaar wat ŉ gewilde ster op MTV geword.
- Sy eerste album as ŉ volwassene, *Off The Wall*, was deur Quincy Jones vervaardig en bevat *funky disco*-pop, *smooth soul* en sentimentele popballades.
- In 1982 het hy die album *Thriller* uitgereik: dit het die grootste topverkoperalbum óóit geword.
- Werke soos *Thriller, Beat It, Black or White* en *Billie Jean* is erken om rassegrense af te breek.
- Michael het heelwat video's gemaak van sy liedere en hy het as't ware musiekvideo's getransformeer in ŉ kunsvorm en promosiemiddel met sy *Thriller*-, Beat It- en Billie Jean-video en daaropvolgendes deurdat dit soos mini-rolprente was.
- Hy was bekend vir sy "*moonwalk*"-dans, stem-hikke, wit sokkies en sy enkel wit handskoen.
- In 1983 het Jackson die heel boonste plek op die treffersparade beklee vir sy duet saam met Paul McCartney.
- In 1984 skryf Jackson saam met Lionel Richie aan "*We are the World*".
- Vanaf 1988 het Jackson op sy *Neverland Ranch* net buitekant Santa Ynez in Kalifornië gewoon.
- In 1992 Het hy die "*Heal the World Foundation*" gestig.
- Hy was vir twee jaar met Lisa Marie Presley getroud.
- In 1996 het hy met die verpleegster Debbie Rowe getrou en hulle het twee kinders, Prince Michael Jackson jr (seun) en Paris Michael Jackson (dogter).
- Hy was ingelyf by die *Songwriters Hall of Fame* en die *Dance Hall of Fame* as die eerste en enigste danser van pop- en rockmusiek.
- Sy klank, styl, beweging en nalatenskap het baie ander kunstenaars van verskeie genres geïnspireer.
- Hy sterf in 2009 in Los Angeles tot groot smart van die hele wêreld.

Enige 5 feite

Hugh Masekela

- Gebore in 1939 in Witbank
- Begin op ŉ vroeë ouderdom sing en klavier speel
- Was grotendeels beïnvloed deur die rolprent, *Young man with a Horn*, waarin Kirk Douglas die rol van ŉ Amerikaanse jazz-trompetspeler vertolk het.
- Die anti-apartheidsaktivis, Vader Trevor Huddlestone het vir Masekela ŉ trompet gegee.
- Hy sluit by die bekende *Afrika Jazz Revue* aan in 1956.
- Hy speel in die orkes vir die 1958 *King Kong musical*.
- Na die 1960-Sharpeville bloedbad verlaat hy die land saam met Huddlestone.
- Met die hulp van Miriam Makaba kry hy toelating tot die Manhattan Skool vir Musiek in New York.
- Harry Belafonte help Masekela om as student in die VSA te vestig.
- Masekela ontmoet vir Louis Armstrong wie vir die Huddlestone Jazz Orkes ŉ trompet gegee het.
- Hy neem sy eerste solo-album, *Trumpet Africaine*, in 1963 op.
- Sy deurbraak-plaat was sy 1965 lewendige uitvoering, *The Americanisation of Ooga Booga*.
- Hy trou met Miriam Makeba, maar twee jaar later skei hulle.
- Hy verskuif na Los Angeles waar hy Afrika Populêre musiek gespeel het saam met opkomende rock-orkeste soos *The Byrds* en Bob Marley.
- Sy grootste trefferlied, *Grazing in the Grass*, vrygestel in 1968, besorg hom internasionale faam.
- Tydens die 1970's verhuis Masekela terug na Suid-Afrika en sluit aan by Afro-polsslag-baanbreker Fela Kuti wie hom aan ŉ paar orkeste bekendstel.
- Hy vestig homself in Botswana waar hy ŉ musiekskool oopmaak en aanbly tot in 1985.
- Masekela se trefferlied "*Bring Him Back Home*" het die amptelike lied van Nelson Mandela se wêreldtoer geword.
- Met sy trek na Engeland het Masekela help komponeer en skryf aan die partituur van Sarafina!
- Die anti-apartheidsbeweging het ŉ groot invloed op sy lewe gehad.
- Met die beëindiging van apartheid, trek Masekela terug na SA en vertrek op sy eerste Suid-Afrikaanse musiektoer met die orkes Sankomato en Bayete.
- Hy komponeer jazz, *funk*, R&B, pop en tradisionele Afrika-style.

Enige 5 feite

Caiphus Semenya

- Caiphus Semenya is ŉ musiekregisseur, komponis, verwerker en sanger wat in 1939 gebore is.
- Semenya het as tiener sy verskyning gemaak in Todd Matshikiza se musiekblyspel *King Kong*, en Letta Mbulu ontmoet met wie hy later getrou het.
- Weens die politieke onrus in Suid-Afrika het hy in 1960 die land verlaat en na Los Angeles, VSA verhuis.
- Hier het hy met onder ander Hugh Masekela, Jonas Gwanga, Hotep Galeta en Miriam Makeba saamgewerk.
- Sy merkwaardige talent het gesorg dat hy saam met top Amerikaanse musikante en vervaardigers kon werk, en sy komposisies is deur *Cannonball* Adderley, Harry Belafonte, *The Crusaders*, Lou Rawls en Nina Simone uitgevoer.
- Semenya werk dikwels saam met Quincy Jones en dit het tot gevolg gehad dat hy al die Afrika-musiek vir Alex Hayley se *Roots Part 1* en *Part 2* gekomponeer het, asook die Afrika-musiek vir die fliek *The Color Purple* van Steven Spielberg.
- Hierdie klankbaan het ŉ Oscar-nominasie ontvang.
- Semenya het verskeie snitte op Quincy Jones se album *Back on the Block* gekomponeer, insluitend die titelsnit se melodie.
- Hy het ook vir Disney se bekende musiekblyspel, *The Lion King*, georkestreer.
- In 1990 het hy na Suid-Afrika teruggekeer.
- Sy onlangse werk sluit in die orkestrasie vir SABC se *Molo Fish, Kaba Motho* en *Vicious Circle*.
- Hy en sy vrou tree dikwels saam op as “Caiphus en Letta”.
- Sy bekendste komposisies in Suid-Afrika is *Angelinah* en *Matswale.*
- Die genres waarin hy uitblink, is funk, Afrika-jazz, jazz en mbaqanga.
- Sy liedjies/albums sluit in: *Streams today…..Rivers tomorrow* (1984), *The very best of Caiphus Semenya* (1996) en *Listen to the wind* (1982).

Enige 5 feite

Angélique Kidjo

- Angélique Kidjo is in 1960 in Benin gebore.
- Sy is ŉ sanger, liedjieskrywer en aktivis van Benin.
- Kidjo sing in Engels, Fon, Frans, Yorùbá en style soos *makossa*, gospel, rumba, afro-funk, pop, reggae, samba, salsa, jazz, Zairean en *soul* kom in haar musiek voor.
- Sy het grootgeword met die klanke van Benese tradisionele musiek, Miriam Makaba, Otis Redding, Jimi Hendrix, Stevie Wonder en Santana.
- Op sesjarige ouderdom het sy saam met haar ma (ŉ teaterdanseres) se teatergroep opgetree en het reeds van toe af groot waardering vir tradisionele musiek en dans gekry.
- Kidjo het op skool begin sing in ŉ orkes met die naam Les Sphinx.
- Die sukses van haar eerste album Pretty, wat in 1981 opgeneem is, het toegelaat dat sy regdeur Wes-Afrika kon toer, maar politieke konflik in Benin het haar weerhou om ŉ onafhanklike kunstenaar in haar eie land te wees en sy het in 1983 na Parys verhuis.
- In Parys het sy jazz-musiek aan die CIM (*Centre d'Informations Musicales*) gestudeer.
- In die middel 1980's het sy by die musiekgroep PiliPili as hoofsangeres aangesluit.
- Hulle het drie albums opgeneem: *Jakko* (1987), *Be in two minds* (1988), en *Hotel Babo* (1990).
- Sy het die groep verlaat om haar solo-loopbaan voort te sit en het die album getitel *Parakou* uitgereik.
- Sedertdien het sy baie albums vrygestel en het sy haar verskyning op vele voortreflike konserte en funksies gemaak.
- Kidjo was deel van die offisiële Afskop-feesvieringskonsert van die 2010 FIFA Sokker Wêreldbeker.
- In 2008 wen sy die *Grammy*-toekenning vir Beste Kontemporêre Wêreld Musiekalbum.
- In 2010 ontvang Kidjo ŉ eervolle doktorsgraad in musiek van *Berklee College* in Amerika.

Enige 5 feite

Khaja Nin

- Khadja Nin is op 27 Junie 1959 in Burundi gebore.
- Boerandese sanger en musikant
- Nin slaag goed daarin om Afrika-ritmes en moderne pop saam te snoer en haar eie musiekstyl te skep.
- Op 7 was sy alreeds een van die hoofsangers in die Bujumbura-koor wat in die plaaslike katedraal opgetree het.
- Nin is weg uit Burundi om in Kinshasa (Zaïre) musiek te studeer, en het ŉ koor opgerig voor sy België toe is.
- In 1978 is sy met die voormalige renjaer Jacky Ickx, ŉ Belg, getroud en in 1980 het sy en haar tweejarige seun na België geëmigreer.
- Sy ontmoet die musikant Nicolas Fiszman wat haar help het om ŉ kontrak by BMG te kry.
- Sy het haar eerste album in 1992 uitgereik, en haar tweede album, *Ya Pili* (1994) was krities goed ontvang.
- Haar deurbraak het gekom in 1996 met haar album *Sambolera*, wat in Swahili, Kirundi en Frans gesing is en wêreldwyd goed verkoop het.
- In 1997 sing sy die lied *Sailing* in ŉ duet saam met Montserrat Caballé op die album *Friends for Life*.
- Een van bekendste liedjies is *Sina Mali, Sina Deni*, ŉ vertaalde verwerkte opname van Stevie Wonder se liedjie *Free*.
- In 1998 het sy haar vierde album getitel *Ya…* uitgereik waarop die liedjie "Mzee Mandela" verskyn. **Enige 5 feite**

Manu Dibango

- Emmanuel "Manu" N'Djoké Dibango is in 1933 in Duala, Kameroen gebore.
- Hy bespeel die saksofoon en vibrafoon.
- Hy het ook ŉ musiekstyl ontwikkel wat Afrika-rumba, afrofunk, afrobeat, jazz, makossa en tradisionele Kameroense musiek saamsnoer.
- Gedurende sy kinderjare woon hy elke aand geestelike klasse in hul Protestantse kerk by waar hy ook musiek studeer het.
- Hy was een van die stigterslede van die Kongolese rumba-groep "African Jazz".
- Hy het al met baie musikante saamgewerk, insluitend Bernie Worrell, Fela Kuti, Bill Laswell, Herbie Hancock en Ladysmith Black Mambazo.
- In 1998 neem hy die album CubAfrica saam met die Kubaanse kunstenaar Eliades Ochoa op.
- Sy lied, *Soul Makossa*, beïnvloed ŉ hele paar musiektreffers soos Michael Jackson se *Wanna Be Startin' Somethin'*, sy heropname van dieselfde lied met Akon, die *Fugees* se *Cowboys* en Rihaana se *Don't Stop the Music*.
- Buiten musiekmaak was Dibango ook by ander projekte betrokke.
- Hy het gedien as eerste voorsitter van die *Cameroon Music Corporation* en spesifiek by kwessies aangaande komponiste se tantieme betrokke geraak.
- Hy is benoem as ŉ UNESCO kunstenaar vir Vrede in 2004.
- Sy lied *Reggae Makossa* kom voor op die klankbaan van die 2006 videospeletjie *Scarface: The World Is Yours*.
- In 2009 speel Dibango die afsluitingskonsert by die herleefde Brecon Jazz Fees. **Enige 5 feite**

Miriam Makeba

- Zenzile Miriam Makeba (1932 – 2008) is in *Prospect Township*, Johannesburg gebore en het in Italië gesterf.
- Sy gee haar eerste solo-uitvoering op die ouderdom van 15 voor Koning George tydens sy besoek aan Suid-Afrika.
- Sy was ook bekend as Mama Afrika.
- Sy het in haar vroeë sangdae saam met die *Cuban Brothers*, haar broerskind se musiekgroep, gesing en later in ŉ *Grammy*-bekroonde sangeres en politieke aktivis ontwikkel.
- Makeba het in 1954 by die *Manhattan Brothers* aangesluit en tussen 1958 en 1960 saam met die vroulike groep *The Skylarks* gesing.
- Haar bynaam was "Die Keiserin van die Afrika-lied" a.g.v. haar ongelooflike stem.
- Sy het in 1957 haar verskyning gemaak in ŉ film *Come back, Africa*, maar haar vertoning in Todd Matshikiza se musiekblyspel *King Kong* in 1959 was die deurbraak tot haar internasionale loopbaan.
- Toe sy in 1960 vir haar ma se begrafnis na Suid-Afrika wou terugkeer, kon sy nie want haar paspoort was gekanselleer.
- Hierna het sy ŉ uitgesproke anti-apartheidsaktivis geword wat in 1963 die Verenigde Nasies toegespreek het. (In dieselfde jaar was haar plate ook verban in Suid-Afrika.)
- As gevolg hiervan is sy ontneem van haar burgerskap en reg om na Suid-Afrika terug te keer.
- Alhoewel haar land haar verwerp het, het die res van die wêreld haar ondersteun en teen die einde van haar lewe het sy nege paspoorte met ere-burgerskap in 10 lande gehad.
- Sy was die eerste swart musikant wat padgegee het weens politieke konflik in Suid-Afrika.
- Sy verhuis na Londen waar sy Harry Belafonte ontmoet, wat haar gehelp het om na die VSA te emigreer.
- In 1967 was Makeba die eerste swart vrou met ŉ wêreldwye toptien-treffer, *Pata Pata*.
- Hierdie lied, tesame met *The click song*, het haar kenliedjies geword.
- Ná haar egskeiding van Hugh Masekela in 1964, is sy in 1968 met die politieke regsaktivis en leier van die *Black Panther Movement*, Stokely Carmichael, getroud.
- Die Amerikaanse regering het haar gedwing om die land te verlaat; sy is na Guinee maar in 1978 is sy en Carmichael uitmekaar.
- Sy ontvang die *Grammy*-toekenning vir Beste "Folk" Opname saam met Harry Belafonte vir An Evening with Belafonte/Makeba.
- Sy word weer wêreldbekend in 1987 met haar optrede saam met Paul Simon tydens sy Graceland-toer.
- In 1986 wen sy die Dag Hammerskjöld Vredesprys vir haar diens as ŉ Guinese afgevaardigde na die Verenigde Nasies.
- Ná Nelson Mandela se tronkvrylating in 1990, het hy vir haar ŉ brief geskryf en gevra om na haar tuiste, Suid-Afrika terug te keer.
- Sy het teruggekeer en die album *Eyes on tomorrow* vrygestel.
- In 1992 speel sy in die film Sarafina! as die hoofkarakter se moeder, Angelina.
- In 1998 het sy ŉ wêreldtoer onderneem en uitverkoopte vertonings gehad.

- In 2001 ontvang sy die Otto Hahn Vredesmedalje van die Verenigde Nasie Assosiasie van Duitsland vir uitstaande dienste gelewer t.o.v. vrede.
- In 2004 is Makeba gekies in die 38ste plek onder die Top 100 Grootste Suid-Afrikaners.
- In 2005 onderneem Makeba ŉ 14 maande-lange wêreldwye afskeidstoer met konserte in al die lande wat sy tydens haar loopbaan besoek het.
- Sy was die eerste sanger wat Afrika-musiek tydens die 1960's internasionaal bekendgestel en ten toon gestel het.
- Haar repertoire sluit onder andere in Engelse ballades, Portugese fado's, Brasiliaanse *bossa novas*, Hebreeuse en Jidiese melodieë, *chants* uit Haïti en ander folk- en populêre style van oor die wêreld heen.
- Haar outobiografie Makeba: My Story is in 1987 gepubliseer en na Duits, Frans, Nederlands, Italiaans, Spaans en Japannees vertaal.
- Haar album *Homeland* (2000) was genomineer vir ŉ *Grammy-toekenning*.
- Haar laaste albums wat uitereik is, is *Reflecting* (2004) en *Makeba Forever* (2006). **Enige 5 feite**

Letta Mbulu

- Letta Mbulu is in 1942 in Soweto, Johannesburg gebore.
- Suid-Afrikaanse jazz-sanger wat in Soweto grootgeword het.
- Haar stem het ŉ mooie klank wat van binne na buite straal en resoneer, en ŉ gevoel van lewensvreugde weerspieël en meestal ŉ gevoel van hoop en geluk opkikker.
- Deur ware passievolle sang, reflekteer haar stem grasie, bekoorlikheide musikaliteit.
- Weens die apartheidsregulasies in Suid-Afrika het sy in 1965 na Amerika padgegee en haar triomfantelike terugkeer in 1991 het gewys hoe sy van ŉ tiener in die Suid-Afrikaanse produksie *King Kong* in 1960 ontpop het in een van die invloedrykste sangers wat ooit Suid-Afrika besoek het.
- Haar man Caiphus Semenya wat sy tydens *King Kong* op toer ontmoet het, het ŉ integrale deel regdeur haar musiekloopbaan gespeel.
- In 1967 het sy haar debuutalbum, *Letta Mbulu Sings,* vrygestel wat Suid-Afrikaanse townshipmusiek en Amerikaanse R&B-elemente bevat het.
- Mbulu was op toer saam met vername Amerikaanse musikante soos die saksofoonspeler Cannonball Adderley en Harry Belafonte.
- Sy het saam met Michael Jackson gewerk aan *Liberian Girl* op sy album *Bad*.
- Haar album *Letta* wat in 1978 vrygestel is, het weereens haar ongelooflike sangvermoë weerspieël, en in 1984 het sy op Quincy Jones se klankbaan in die fliek *The Color Purple* gesing.
- Sy het ook in die 1973-film *A Warm December* gesing en was ŉ gas op *Soul Train* se sesde seisoen.
- Ná haar terugkeer na Suid-Afrika in 1991, het sy die album *Not yet uhuru* uitgereik.
- Regdeur haar lang ballingskap van 26 jaar het Mbulu getrou gebly aan

Suid-Afrikaanse musiek en musikante.
- In 2001 is Mbulu deur die Suid-Afrikaanse musiektoekennings (SAMA's) met ŉ lewenslange prestasietoekenning vereer. **Enige 5 feite**

Philip Tabane
- Philip Nchipi Tabane is in 1934 (party bronne sê 1947) in Mamelodi (Riverside), Pretoria gebore.
- Tabane is ŉ multi-instrumentalis maar word hoofsaaklik as kitaarspeler geëien.
- Tydens sy optredes gebruik hy ŉ dipela (inheemse Venda-fluit), sy stem, ŉ penniefluitjie, mondfluitjie en malombo-tromme.
- Tabane is sedert die vroeë 1960's betrokke by die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse musiek.
- Hy is een van Suid-Afrika se oudste en mees gerespekteerde, skeppende jazzkitaarspelers en orkesleiers.
- Hy maak gebruik van onkonvensionele instrumentasie: Afrika-tromme en handperkussie, wisselwerking met Tabane se unieke kitaar, stem en fluitklanke.
- Hy het in Mamelodi in ŉ musiekfamilie grootgeword. Sy ma was ŉ tradisionele heelmeesteres wat vir hom tradisionele musiek geleer het.
- Generaal Duze het hom die basiese konsepte van musiekgeletterdheid geleer.
- Hy het die kitaar vanaf 1940 bespeel en as solis opgetree tot 1958.
- Hy het ŉ jazz-orkessie saam met die pianis Gideon Nzumalo gevorm. Hierdie trio het aan die Castle Lager Jazz Kompetisie deelgeneem en twee keer gewen.
- In 1986 speel hy by die Montreux Jazzfees.
- Tydens die 1970's spandeer hy ŉ paar jaar in New York City en tree saam met bekende jazzkunstenaars soos Herbie Mann en Charles Mingus op.
- Hy was betrokke in die anti-apartheid film *Last Grave at Dimbuza*.
- Philip Tabane is in 1968 met ŉ eredoktorsgraad deur die Universiteit van Venda bekroon.
- Hy is met ŉ lewenslange prestasietoekenning deur die Suid-Afrikaanse musiektoekennings (SAMA's) vereer.

Enige 5 feite

Fela Kuti

- Kuti (1938-1997) is in Abeokuta, Nigerië gebore.
- Hy was ook bekend as Fela Anikulapo Kuti of net Fela.
- Hy was ʼn multi-instrumentalis, musikant, komponis, ʼn verwerker, ʼn pionier van Afrobeat-musiekgenre, menseregte aktivis en politikus afkomstig van Nigerië.
- Hy kon die klavier, saksofoon, trompet, elektriese kitaar en tromme bespeel.
- Sy liedjies word meestal in Nigeriese Pidgin-Engels gesing, alhoewel hy ook ʼn paar van sy liedjies in die Yoruba-taal sing.
- Sy liedjies was lank en duur omtrent 10 tot 15 minute, met sommige liedjies wat tot 20 of selfs 30 minute duur.
- Ná hy sy in Nigerië voltooi het, het sy gesin hom in 1958 Londen toe gestuur om medies te studeer, maar pleks daarvan het hy klassieke musiek aan die Trinity-musiekkollege gestudeer.
- In Londen het hy die musiekgroep Koola Lobitos gestig wie se naam later hernoem is tot Nigeria 70, toe Afrika 70, en finaal *Egypt 80*.
- Sy Afrobeat-styl is ʼn komplekse mengsel van Amerikaanse Jazz, funk en pop vermeng met die hoë musieklewe van Wes-Afrika en tradisionele Yoruba-musiek.
- Hy trou sy eerste vrou in 1960 en hulle het drie kinders.
- Hy doen ʼn vinnige opname-sessie in Las Vegas in 1969 en stel dit vry as *The ’69 Los Angeles Sessions*.
- In 1977 het Fela en die Afrika ’70 die album Zombie vrygestel wat oornag ʼn voltreffer geword het.
- Die groep se musiek was baie gewild onder gehore, maar het probleme geskep vir die Nigeriese regering, in so ʼn mate dat gewapende magte die *Kalakuta Republic* binnegestorm en van die inwoners geslaan en doodgemaak het (Kuti se ma is ten tyde van die aanval dood), alle instrumente verwoes en die gebou afgebrand het.
- 1978 word gekenmerk deur twee opspraakwekkende konserte, die een in Accra waar onluste uitgebreek het tydens die uitvoering van die lied Zombie wat gelei het tot die verbanning van Fela en sy orkes uit Ghana weens die politieke aard van hulle musiek.
- Die ander konsert was by die Berlyn Jazz-fees waarna die groep byna ontbind het weens gerugte dat Kuti die opbrengs vir homself wou hou vir sy presidentsveldtog, waartydens hy ʼn nuwe musiekgroep met die naam *Egypt ’80* gestig het.
- Ná 20 maande se gevangenisstraf is hy vrygelaat en het hy weer saam met *Egypt ’80* musiek gemaak en baie suksesvolle konserte op sy toer na Europa en die Verenigde State gelewer.
- Hy is in 1997 dood aan ʼn Vigs-verwante siekte. **Enige 5 feite**

Jonas Gwanga

- Jonas Mosa Gwanga is in 1941 in *Orlando East* in Johannesburg gebore.
- Jazz tromboonspeler van Suid-Afrika
- Sy loopbaan het begin as lid van die Jazz *Epistles*, ŉ groep met die jazz-pianis Abdullah Ibrahim (toe bekend as Dollar Brand). Gwanga het tromboon gespeel.
- Toe die groep in 1959 ontbind het, het Gwanga ŉ solo-loopbaan voortgesit.
- In 1965 het hy sy verskyning gemaak in ŉ "*Sound of Africa*"-konsert by Carnegie Hall in New York, saam met Miriam Makeba, Hugh Masekela en Letta Mbulu.
- Toe die Suid-Afrikaanse regering in die vroeë 1970"s wette ingestel het wat swartes verbied het om in die publiek te vergader, het Gwanga uit die land padgegee.
- Hy het na die Verenigde State gegaan.
- In 1987 en 1988 het hy saam met George Fenton die partituur vir die film *Cry Freedom* van Richard Attenborough gekomponeer.
- Hy het ook by die Nelson Mandela 70ste Verjaarsdag Huldeblyk-konsert by die Wembley Stadion opgetree.
- Gwanga het in 1991 na Suid-Afrika teruggekeer.
- In 1997 komponeer hy die temalied vir die Olimpiese bod.
- Sy outobiografie is geskryf deur die musiek-akademikus Colette Szymczak. **Enige 5 feite**

Oliver Mtukudzi

- Oliver Mtukudzi is in 1952 Harare, Zimbabwe gebore.
- Mtukudzi is ŉ musikant, vername besigheidsman, menseregte-aktivis, filantroop, en ŉ welwillendheidsambassadeur vir UNICEF en verteenwoordiger van Suidelike Afrika.
- Hy staan ook as Tuku bekend en is ŉ groot kitaarspeler, sanger, voordraer en komponis.
- Mtukudzi se loopbaan het in 1977 begin met die musiekgroep, Wagon Wheels, waarvan Thomas Mapfumo ook deel was.
- Later het hy sy eie groep, Black Spirits, gestig.
- Buiten sy solowerk tree hy ook op saam met Mahube, Suidelike Afrika se "supergroep".
- Mtukudzi sing in Shona, Ndebele en Engels en sy musiek is ŉ kombinasie van tradisionele en populêre musiekelemente.
- Hy was op verskeie toere in die VK, VSA en Kanada om voor groot gehore op te tree.
- Mtukudzi, anders as Mapfumo, kritiseer nie President Robert Mugabe direk in sy musiek nie.
- Sy seun, Sam Mtukudzi, ook ŉ suksesvolle musikant, is in ŉ motorongeluk oorlede.
- Hy sluit elemente van verskillende musiektradisies om sy eie kenmerkende styl te vorm, bekend as Tuku-musiek.
- Hy het al talle toekennings ontvang, soos die NAMA-toekenning vir beste groep/kunstenaar in 2003/4 asook ŉ KORA-toekenning vir beste manlike Afrika-kunstenaar (2003). **Enige 5 feite**

Baaba Maal

- Hy is in 1953 in Podor op die Senegalrivier gebore.
- Baaba Maal is Senegal se bekendste musikant. Hy kan kitaar en perkussie bespeel en hy sing ook.
- Maal se musiek is ʼn kombinasie van raga, salsa en Bretonse harpmusiek met lirieke meestal in Pulaar, ʼn taal wat deur die inwoners aan weerskante van die Senegalrivier gepraat word.
- Hy het sy eerste musiekonderrig van sy ma en sy skoolhoof ontvang.
- Toe het hy musiek in Dakar gaan studeer, en op die ou end Parys toe gereis om sy nagraadse studie in musiek te voltooi.
- Met sy terugkeer uit Parys, het Maal begin om tradisionele musiek saam met sy lewenslange vriend en blinde kitaarspeler Seck te bestudeer en saam met die musiekgroep Daande Lenol gespeel.
- Sy album Firin' in Fouta gebruik ʼn vermenging van raga, salsa en Breton harpmusiek om ʼn gewilde klank te produseer wat die loopbaan van *Positve Black Soul* begin het asook die vorming van die Afro-Celt Klanksisteem.
- In 1998 neem hy *Bess, you is my woman now* vir die *Red Hot* Organisasie se Kompilasie album.
- In 2002 begin hy vir die Red Hot Organisasie te werk.
- In 2007 tree Maal op by die Suid-Afrikaanse been van Live Earth-konsert.
- *On The Road* (*compilation*) (2008) is ʼn lewendige akoestiese album wat sy vertonings oor die laaste tien jaar ten toon stel.
- Hy het die titelsnit van die videospeletjie *Far Cry 2* gesing.
- Regdeur sy loopbaan het hy groot sukses behaal met sy albumvrystellings en sy optredes by lewendige konserte soos Bonnaroo en die *Sierra Nevada World Music Festival*. **Enige 5 feite** (5)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

BEANTWOORD EEN VAN DIE VOLGENDE:

- **WESTERSE KUNSMUSIEK (VRAAG 7, 8 EN 9)**
- **JAZZ (VRAAG 10, 11 EN 12)**
- **INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (VRAAG 13, 14 EN 15)**

WESTERSE KUNSMUSIEK

VRAAG 7

Kies TWEE van die volgende Romantiese werke en skryf kort programnotas oor elk. Verwys na onder andere die volgende: spesifieke kenmerke, komposisie-elemente en enige ander betekenisvolle inligting n.

Mendelssohn	Vioolconcerto in E mineur, eerste beweging
Tchaikovsky	*Romeo and Juliet ballet*-suite
Chopin	*Polonaise* in A mol majeur, Op.53
Schubert	*Der Erlkönig*

Mendelssohn: Vioolconcerto in e mineur, opus 64 eerste beweging

- Hierdie concerto is geskryf vir, en opgedra aan Mendelssohn se jarelange vriend, die violis Ferdinand David.
- Die orkes wat Mendelssohn gebruik het, is heelwat kleiner as die standaard orkes van die Romantiese tydperk.
- David het Mendelssohn raad gegee oor die tegniese aspekte van die soloparty, en Mendelssohn het baie van die instrument se tegniese vermoëns ontgin.
- Dié concerto beeld ŉ unieke samestelling van lirisme en meesterlikheid uit.
- Hierdie concerto bestaan uit drie bewegings.
- Die eerste beweging (*Allegro molto appasionato*) en derde beweging is in ŉ standaard sonatevorm.
- Goeie tussenspel tussen die solis en orkes, met temas wat tussen die twee alterneer, skep ŉ pragtige kontras van toonkleur en uitdrukking.
- In plaas daarvan dat die eerste tema met die orkes begin, begin Mendelssohn hierdie concerto met die solis (viool), hoog bo die orkes se begeleiding.
- ŉ Wye omvang van orkestrale dinamiek wissel tussen sagte murmelings tot fortissimo passasies.
- Die concerto word gekenmerk deur ongewone kombinasies van instrumente.
- Die cadenza word aan die einde van die ontwikkeling gehoor eerder as aan die einde van die heruiteensetting.
- Die heruiteensetting word saggies deur die orkes gespeel terwyl die viool vinnige arpeggio's speel. **Enige 5 feite**

Tsjaikowski: die fantasie-ouverture *Romeo and Juliet*

- Dit is op Shakespeare se verhoogstuk *Romeo en Juliet* gebaseer en die beskrywing van die werk as ʼn "fantasia-ouverture" vertel klaar dat dit nie Shakespeare se toneelstuk tot op die letter volg nie, maar ʼn vrye interpretasie daarvan is.
- Tsjaikowski wend geen poging aan om die storie deur die musiek oor te dra nie, maar gebruik temas om die hoof drama-elemente te verteenwoordig.
- Hierdie werk is ʼn voorbeeld van programmusiek.
- Een van Tsjaikowski se min werke wat nie Russiese temas direk uitbeeld nie, is die fantasie-ouverture vir Romeo en Juliet.
- *Romeo en Juliet* is ʼn konsert-ouverture bestaande uit ʼn stadige inleiding en ʼn vinnige deel. Die ouverture is as ʼn *sonatevorm* gestruktureer.
- Dié werk is een beweging , met geen bedoeling om iets anders vooraf te gaan of in te lei nie.
- Dit begin met ʼn stadige inleiding in f-kruis mineur, en die aanvangstema is geassosieer met die monnik Laurence, wie se rol is om raadgewer vir Romeo en Juliet te wees.
- Die sonatevorm bevat twee teenstellende temas.
- Die eerste tema verteenwoordig die vete tussen die Montague- en die Capulet-gesinne.
- Sinkopasies en die orkestrasie, insluitend die slag van simbale, illustreer duidelik die swaardgevegte.
- Die tweede tema, die "Liefdestema", verteenwoordig Romeo en Juliet se liefde vir mekaar.
- Daar is lang crescendo's soos wat die melodie hoër en hoër lei na meer passievolle orkestrale hoogtepunte.
- Die liefdestema verander in ʼn dodemars.
- ʼn Nuwe gesang (himne) en ʼn teer herinnering aan die liefdestema suggereer dat Romeo en Juliet in die dood herenig is.
- Die werk eindig met twee besliste akkoorde. **Enige 5 feite**

Chopin: Polonaise in A-mol majeur, Op. 53

- Chopin was ʼn Poolse komponis en klaviervirtuoos.
- ʼn Polonaise is ʼn statige prosessiedans wat deur paartjies opgevoer word.
- Die polonaise word histories nouliks geassosieer met Poolse nasionalisme, met sy edel en statige karakter wat die mees hoogaangeskrewe nasionale sake simboliseer.
- ʼn Polonaise is ʼn komposisie vir ʼn solo-instrument. Die musiek is in enkelvoudige drietyd, en die tempo is altyd matig.
- Vorm en struktuur is drieledige vorm (ABA) met ʼn inleiding en ʼn koda.
- Die hooftema het ʼn wye omvang van begeleiding.
- Die kontrasterende B-tema bestaan uit ʼn marsagtige melodie begelei deur herhaalde oktawe in die linkerhand.
- Die eerste tema word harder en meer dramaties gespeel en eindig met ʼn koda wat materiaal van die hooftema insluit.
- Dit is ʼn kragtige en majestueuse werk met ʼn groot dinamiek-omvang.
- Dit verg ʼn hoë standaard van tegniese bekwaamheid van die pianis.
- Chopin ontgin die hele omvang van die klavier om hoogs dramatiese effekte te skep. **Enige 5 feite**

Schubert Der Erlkönig

- Komposisie vir solostem (tenoor) en klavier.
- Klavierbegeleiding vorm ŉ integrale deel van die komponis se denkbeeld en dien as ŉ vertolkende party vir die stem.
- In dié toonsetting gebruik Schubert motiewe in die klavierbegeleiding om die visuele beelde in die teks uit te beeld, asook die pa en seun se emosionele toestand.
- Op die mees basiese vlak verteenwoordig die hoofmotief, wat uit ŉ herhalende triool in die klavierbegeleiding bestaan, die perd se gallop.
- Daar is vier verskillende karakters: die verteller, die pa, die seun en die Elfkoning.
- Al vier karakters – verteller, pa, seun en Elfkoning – word deur ŉ enkele solis gesing, met elke karakter in ŉ nuwe stemomvang.
- Hoewel melodiese materiaal herhaal word, verander die harmoniese struktuur gereeld en moduleer die stuk vir elke karakter.
- Digkuns en musiek vermeng op ŉ intieme vlak in dié kunslied.
- Dié Lied is deurgekomponeer met nuwe musiek vir elke lyn van die teks.
- *Der Erlkönig* se musiek is vrolik en eenvoudig. **Enige 5 feite**

(Enige 2 × 5) **[10]**

EN

VRAAG 8

Die Twintigste Eeu

8.1 **Claude Debussy: *Voiles***

8.1.1 In watter styl het Debussy die musiek gekomponeer?

Antwoord: Impressionisme ✓ (1)

8.1.2 Wat is die vertaling van die Franse titel, *Voiles*?

Antwoord: Bootseile OF Sluier/Serp ✓ (1)

8.1.3 Op watter toonleer is die stuk gebaseer?

Antwoord: Heeltoon-toonleer ✓ (1)

8.2 **Igor Stravinsky: *The Rite of Spring***

8.2.1 Beskryf die werk deur na die volgende elemente te verwys:

Tekstuur:

- Maak dikwels van kontrapuntale teksture gebruik (polifonie) ✓
- Gebruik effektiewe digte homofoniese tekstuur in die laaste seksie van die werk. ✓ (2)

Melodie:

- Volksagtige melodieë in noue ligging.
- Melodieë het ŉ klein omvang.
- Gebruik fragmente wat herhaal (sekwense van kort motiewe) met enkele veranderinge in ritme en toonhoogte.

(Enige 2 × 1) (2)

8.2.2 Watter teatrale danstipe word deur dié werk begelei?

Antwoord: Ballet ✓ (1)

8.3 George Gershwin: *Rhapsody in Blue*

George Gershwin maak van TWEE verskillende musiektegnieke in hierdie komposisie gebruik. Noem hierdie twee tegnieke en gee ook ŉ kort beskrywing van die werk deur te verwys na die struktuur en algemene eienskappe.

Klassikale (Westerse kunsmusiek)- en Jazz-styl 2 × ½ = 1

- ŉ Rapsodie kan beskryf word as ŉ vry-gestruktureerde werk in een beweging. Gershwin het sowel jazz- as kunsmusiektegnieke toegepas om ŉ vry, dog hoogs georganiseerde struktuur te skep.
- Die titel beeld die musiek se vry, en fantasia-agtige *blues*karakter uit.
- *Rhapsody in blue* is gekomponeer vir klavier en orkes.
- Dit is ŉ werk in een beweging en bestaan uit drie hoofseksies en ŉ koda.
- Die hooftoonsoort is B-mol majeur (Tema A); Tema B is in E-mol majeur; Tema C is in A-mol majeur; Tema D is in C majeur.
- Jazz-elemente wat in die werk gebruik word, is:
  Sinkopasie en kruisritmes,
  blue-note en die blues-toonleer,
  drieklanke met bygevoegde tweedes en sesdes
  jazz-klanke en toonhoogte-effekte (bv. wah-wah-dempers op trompette, klap- en fladdertongwerk),
  die klarinet se gly-effekte en glissando's, asook
  ragtime-ritmes en die *stride*-pianiste se ritmiese improvisasiestyl.
- Rapsodie suggereer ŉ vry geïmproviseerde vorm, maar die struktuur, net soos ŉ klavierkonsert, is gebaseer op kontrasterende temas wat deur die orkes of klavier aangekondig word.
- Ten minste een uitgebreide klaviersolo met gevarieerde herhalings van die hooftema gekombineer met briljante passasies kom in elke seksie voor. **Enige 4 feite** (5)

[13]

EN

VRAAG 9

Kies EEN van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste en skryf kort aantekeninge vir *Wikipedia*. Sluit in biografiese feite asook stylkenmerke en werke van die komponis.

- Arnold van Wyk
- MM Moerane
- Hubert du Plessis
- Mzilikazi Khumalo
- LP Mohapeloa
- Peter Louis van Dijk
- SJ Khosa
- BB Myataza

Biografiese detail	**ENIGE 3 feite**
Musiekeienskappe en komposisiestyl	**ENIGE 3 feite**
Werke – ENIGE 1 werk	**(1 punt)**
	(7 punte)

Arnold van Wyk

Biografiese besonderhede:

- Arnold van Wyk is in 1916 op ŉ skaapplaas in die Calvinia-distrik van die Noord-Kaap gebore.
- Hy het op ŉ jong ouderdom al musiektalent getoon en het onder leiding van sy suster begin klavier speel.
- Ná skool in 1938 het hy as student by die Stellenbosch-musiekkonservatorium ingeskryf en ŉ B.Mus behaal.
- Hy skryf die Eeufees Kantate vir die Voortrekker Monument in Pretoria in 1983.
- Hy het ŉ beurs ontvang om aan die *Royal College of Music* te studeer (komposisie en klavier), waar hy gebly het tot die Tweede Wêreldoorlog verby was.
- Hy ontvang ŉ medalje van die *Worshipful Company of Musicians* vir die beste student by die Royal *Academy of Music* in Londen.
- Tydens Wêreldoorlog II het hy as ŉ vertaler en omroeper vir die BBC se Afrikaanse afdeling in Londen gewerk.
- In 1949 het hy sy loopbaan as musiekdosent aan die SA Musiekkollege in Kaapstad begin en in 1961 is hy by die Musiekkonservatorium by die Universiteit van Stellenbosch aangestel waar hy tot 1979 klas gegee het.
- In 1972 is Van Wyk met ŉ eredoktorsgraad in musiek bekroon by die Universiteit van Kaapstad en in 1981 by die Universiteit van Stellenbosch.
- Hy is in 1983 in Stellenbosch oorlede. **Enige 3 feite**

Musiekeienskappe en komposisiestyl:

- Sy styl is basies tonaal met fyn aanvoeling vir ŉ chromatiese verryking en gebruik van losstaande akkoorde.
- Sy styl is hoogs individueel en opvallend vry van invloede van buite.
- Sy komposisies word gelei deur die melodie wat dikwels met die gebruik van chromatiese note verander en deur dissonante spronge gekenmerk word.
- Ritmes is ongekompliseerd en ŉ gevoel van improvisasie word geskep.
- ŉ Opvallende kenmerk is sy fyn aanvoeling vir die stem en gebruik van ŉ ryk

verskeidenheid klankkleure in die orkes.

- Sy werk is konserwatief en hy het nooit van seriële tegniek gebruik gemaak nie.
- Ten spyte van sy reëlmatige afwisseling van polsslae, is sy ritmes relatief ongekompliseerd. **Enige 3 feite**

Verteenwoordigende werke:

- Eufees-*cantata*
- Van Liefde en Verlatenheid
- *Rhapsody* – vir orkes
- Vier Weemoedige liedjies
- Nagmusiek – vir soloklavier
- Suiderkruis – suite vir orkes
- *Primavera* – suite vir orkes **Enige 1**

(7 punte)

MM Moerane
Biografiese besonderhede:

- Gebore in Lesotho in 1909.
- Hy het komposisielesse ontvang van F.H. Hartmann, professor in musiek aan die Rhodes universiteit.
- Hy studeer Musiekgeskiedenis, Harmonie en Kontrapunt, Partituurlees en Orkestrasie.
- In 1930 het Moerane vir ŉ B.Mus.-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika geregistreer, en in 1941 die eerste swart B.Mus.-gegradueerde in Suid-Afrika geword.
- Hy komponeer sy simfoniese gedig *Fatše la Heso* ten einde sy graad te verwerf.
- *Fatše la Heso* (My Land) is later deur die BBC Simfonie-orkes in Londen uitgevoer.
- Moerane was ŉ Sesotho-komponis, pianis, onderwyser en dirigent. **Enige 3 feite**

Musiekeienskappe en komposisiestyl:

- Sy musiek is gebaseer op Sotho-volksmusiek.
- Hy gebruik ook tradisionele Westerse musiekpatrone.
- Sy grootste werk die toondig *Fatše la Heso* (*My Land*), ŉ musikale beskrywing van die platteland waardeur die Oranjerivier vloei, is gebaseer op die volgende liedere: ŉ lied deur ŉ soldaat, ŉ oeslied, ŉ aangepaste wiegelied en ŉ pryslied.

Al 3 feite

Verteenwoordigende werke:

- *Chorale* (fluit, klarinet, klavier en strykers)
- *Sunrise*
- *Why worry?*
- *My Country*
- *Fantasia*
- *In Hout Bay*
- *Joy Ride*
- *Lonesome*
- *Atamelang*
- *Bokang Jesu*
- *Ke rata Jehova* **Enige 1**

(7 punte)

Hubert du Plessis
Biografiese besonderhede:

- Hubert du Plessis is in 1922 in die Malmesbury-distrik (Wes-Kaap) gebore.
- Hy begin klavier speel op die ouderdom van sewe en komponeer alreeds tydens sy skooljare op Porterville.
- In 1940 het hy as student by die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf waar hy sy BA-graad in tale en musiek verwerf het.
- In 1942 begin hy met komposisielesse by die komponis William Henry Bell.
- Hy het onder prof. F.H. Hartmann in Grahamstad studeer waar hy sy B.Mus.-graad by die Rhodes-universiteit voltooi het.
- Hy het tot 1951 by Rhodes-universiteit klas gegee waarna hy aan die *Royal College of Music* in Londen gaan studeer het en sy onderwysers Alan Bush en Howard Ferguson was.
- Met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1955 het hy ŉ aanstelling by die SA Musiekkollege in Kaapstad gekry en in 1958 by die Musiekkonservatorium van die Universiteit van Stellenbosch, ŉ pos wat hy tot met sy aftrede beklee het.
- Hy het tot sy dood in 2011 in Stellenbosch gebly. **Enige 3 feite**

Musiekeienskappe en komposisiestyl:

- Du Plessis is ŉ veelsydige en interessante komponis met ŉ uitstekende komposisietegniek in alle genres.
- Hoewel hy die dissipline van toonrye in sommige werke toegepas het en sy werke oor die algemeen modern klink, is daar steeds ŉ verband met tradisie, eerder as ŉ wegbreek daarvan.
- Sy werke word gekenmerk deur persoonlike emosie.
- Die klankeffekte het ŉ duidelike vokale benadering.
- Die vorm van sy werke toon selfbeheersing en ŉ vrye toepassing van kontrapuntale tegnieke.
- In sy latere werke het hy begin om Afrikaanse volksmusiek deel van sy werke te maak.
- Du Plessis was sterk beïnvloed deur literatuur, en hy het die kleinste musikale detail van sy werke met nougesette presiesheid afgerond **Enige 3 feite**

Kunstenaar en verteenwoordigende werk:

- *Herbst: Die Blätter Fallen*
- Slamse Beelde (koor, klarinet, harp en strykers)
- Variasies op ŉ Volkswysie
- *Requiem Aeternam Sonate* vir solo-tjello **Enige 1**

(7 punte)

Mzilikazi Khumalo
Biografiese besonderhede:

- Hy is op 20 Junie 1932 op die plaas van die Salvation Army, KwaNgwelu, in die Vryheid-distrik, KwaZulu-Natal gebore.
- Hy het in die skoolkoor gesing en later ook gehelp met die afrigting van die koorsoliste en primêre skool se koor.
- Hy was ook ʼn lid van kerk se orkes.
- Hy het sy eerste werk (*Ma Ngificwa Ukufa*) in 1959 gekomponeer.
- Hy het sy musiekstudies voorgesit in musiekteorie, harmonie, kontrapunt, vorm en komposisie.
- Onder die leiding van Charles Norburn het hy vele gedigte van BW Vilikazi getoonset en ook met sangonderrig by Prof. Khabi Mngoma and Zandi Casan begin. **Enige 3 feite**

Musiekeienskappe en komposisiestyl:

- Hy komponeer hoofsaaklik koormusiek.
- Hy toonset baie gedigte van B.W. Vilakazi.
- Sy epiese werk, *UShaka KaSenzangakhona*, kombineer Zoeloe-gedigte en Zoeloe-liedere met die instrumentale en orkestrale tradisies van Europa.
- Hy het met baie oorsese kore en komponiste met die doel om Afrika-temas en –koortradisies aan hulle oor te dra. **Enige 3 feite**

Verteenwoordigende werke:

- *Ma Ngificwa Ukufa*
- *UShaka KaSenzangakhona*
- *Kwadedangendlale* **Enige 1**

(7 punte)

JP Mohapeloa
Biografiese besonderhede:

- JP Mohapeloa was ŉ Sotho-pianis, koormeester en komponis.
- Hy het grootgeword en primêre onderrig ontvang in Molumong, Lesotho.
- Op tien het hy sy eie koor afgerig.
- Hy ontvang onderrig in teorie, sang en solfanotasie.
- Ná skool het Mohapeloa deur die Universiteit van Suid-Afrika begin studeer.
- Hy het baie liedere gekomponeer waarvan meer as ŉ honderd in bundels gepubliseer is.
- Hy is bekroon met ŉ eredoktorsgraad van Lettere en Wysbegeerte deur die Universiteit van Lesotho. **Enige 3 feite**

Musiekeienskappe en komposisiestyl:

- Sy musiek, hetsy geestelik of sekulêr, is oor die jare deur beide volwasse en jeugkore in konserte en kompetisies gesing en geniet.
- Mohapeloa het ŉ betekenisvolle bydrae tot Afrika-kultuur in die algemeen gelewer, veral tot die Sesotho-kultuur.
- Hy het moeite gedoen om die Afrika-element in sy liedere tot uiting te laat kom.
- Dit was vir hom uiters belangrik om gesproke en geskrewe Sesotho te gebruik.
- Sy liedere was meestal in solfanotasie geskryf. **Enige 3 feite**

Verteenwoordigende werke:

- *Pesalme 103*
- *Meloli le Lithallere tsa Afrika I* (32 liedere)
- *Meloli le Lithallere tsa Afrika II* (32 liedere)
- *Meloli le Lithallere tsa Afrika III* (28 liedere) **Enige 1**

(7 punte)

Peter Louis van Dijk
Biografiese besonderhede:

- Péter Louis van Dijk is in 1953 in Rotterdam, Nederland, gebore..
- Op 9 het hy reeds gekomponeer en die klavier, kitaar, mandolien, tenoortuba, sousafoon en perkussie geleer speel.
- Van Dijk se eerste opera, *The Contract* (wat hy tydelik onttrek het), is in 1973 onder sy leiding deur die Universiteit van Kaapstad se Operaskool geproduseer.
- Ná verskeie jare as musiekonderwyser het hy in 1983 sy B.Mus.-graad aan die Universiteit van Kaapstad voltooi terwyl hy komposisie saam met Peter Klatzow gestudeer het.
- In 2004 het hy ŉ D.Mus.-graad aan die Universiteit van Kaapstad behaal.
- Hy was die jongste komponis wie se werke deur die SAUK uitgesaai is.
- Hy het ŉ wyd gevarieerde musiekloopbaan as komponis, uitvoerende musikus, onderwyser en dirigent (beide radio en televisie).
- Sy werke word gereeld in Suid-Afrika, Amerika, Botswana en Duitsland uitgevoer.
- Hy bly tans in Port Elizabeth in die Oos-Kaap waar hy sy vrou, Junita Lamprecht-Van Dijk, assisteer met die onderrig van koorleiding en dirigeertegniek op nagraadse vlak by die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit. **Enige 3 feite**

Musiekeienskappe en komposisiestyl:

- Hy is vaardig in verskeie instrumente wat kitaar, viool, tjello, klavier, trekklavier, blokfluit, tromboon en perkussie insluit.
- Hy word dikwels opdrag gegee om werke vir spesiale geleenthede te komponeer.
- Sy komposisies verteenwoordig ŉ groot verskeidenheid genres onder andere opvoedkundige werke soos *SanScapes* vir verteller, gehoor en orkes wat deur die San geïnspireer is; baie koorwerke, sowel *a capella* as met orkesbegeleiding; kamermusiek; musiek vir koperblaasensembles; musiek vir die jeug; balletmusiek; verhoogwerke; en verwerkings van inheemse Suid-Afrikaanse liedere vir verskeie ensembles.
- Verskeie van sy werke is deur die San-kultuur geïnspireer, en een van sy voortreflikste werke, geskryf in 1996, is die *San Gloria* vir koor (SATB), kamerorkes en orrel, wat op fragmente van San-melodieë gebaseer is.

Enige 3 feite

Verteenwoordigende werke:

- *San Chronicle*
- *The Selfish Giant* (koor en orkes)
- *Follow that flute!* (koor en orkes)
- *Horizons* (vir die King's Singers)
- *Bells* (vir die Chicago-kinderkoor)
- *Magnificat* (vir die NMMU-koor)
- *The Musicians of Bremen* (koor en orkes)
- *Youth Requiem* (koor en orkes)
- *About Nothing* (orkes)
- *Windy City Songs* (soliste, dubbelkoor en orkes vir die Chicago-kinderkoor)

Enige 1
(7 punte)

SJ Khosa
Biografiese besonderhede:

- SJ Khosa is in 1936 in Mapaplia gebore.
- Op vyfjarige ouderdom sing hy in die familie se koor en lees hy solfanotasie vlot in die laerskool.
- Hy het sy eerste werke komponeer terwyl hy op skool was.
- In 1971 het SJ ŉ jaar lank in Switserland musiek gestudeer met spesialisering in koperblaasorkeste waarvoor hy ook verskeie werke gekomponeer het.
- Hy het ook ŉ M Mus-graad voltooi aan die Universiteit van Pretoria.
- Hy is ŉ Tsonga-komponis en koorleier. **Enige 3 feite**

Musiekeienskappe en komposisiestyl:

- SJ Khosa het meer as 400 liedere voltooi waarvan ongeveer 80 verwerkings van tradisionele en volksliedere is.
- In 1990 is ŉ versameling kinderliedere in Tsonga en Engels gepubliseer.
- In 2003 is hy deur SARRAL aangewys as die liedkomponis van die jaar vir sy bydrae tot koormusiek in Suid-Afrika.
- In 2004 is ŉ liedboek met die titel *Ndzhaka ya tinsimu* (wat erfenisliedere is) gepubliseer. **Enige 3 feite**

Verteenwoordigende werke:

- *Famban' kahle*
- *Matimba ya vuhimbeleri* – ŉ SATB koorwerk wat beteken "die krag van sang"
- *Vun'we* **Enige 1**

(7 punte)

BB Myataza
Biografiese besonderhede:

- Hy is in 1912 in die Engcobo-distrik in die Oos-Kaap gebore.
- Tydens sy studies was hy genomineer as die beste student in sang, bladlees en praktiese musiekonderrig.
- Van 1931 af het hy begin komponeer en ook musiekteorie-eksamens deur die *Trinity College*, Londen, afgelê.
- "Big Ben" Myataza was ŉ Xhosa-koormeester en komponis wat in ŉ groot mate homself opgelei het. **Enige 3 feite**

Musiekeienskappe en komposisiestyl:

- Skryf hoofsaaklik komposisies vir kore wat dikwels in koorkompetisies en feeste gehoor word.
- Verwerk soms bestaande Xhosa-liedere wat hy in sy komposisies gebruik.
- Die gereelde huisgodsdiensaande in sy ouerhuis het sy liefde vir musiek aangevuur. **Al 3**

Verteenwoordigende werke:

- *Ingoma phezu kodonga lomlambo*
- *Isigwebo sethu kukufa*
- *Lala sana iwkm* – ŉ sagte slaapliedjie
- *Uponi* – beskryf ŉ ponie, en een van sy bekendste werke **Enige 1**

(7 punte) **[7]**

OF

JAZZ

VRAAG 10

Gee ŉ kort beskrywing van TWEE van die gelyste jazz-style hieronder. Jou beskrywing moet verwys na die styleienskappe van elk, asook ten minste EEN invloedryke kunstenaar met EEN verteenwoordigende werk.

- Cool Jazz
- Modale Jazz
- Bebop
- Hardbop

Styleienskappe	**ENIGE 4 feite**
Kunstenaar	**1**
Verteenwoordigende werk	**1**

Cool Jazz
Styleienskappe:

- ŉ *Jazz*styl wat in Los Angeles, San Francisco en New York City tydens die 1950's en 1960's.
- *Cool Jazz* het uit bebop ontwikkel.
- *Cool Jazz* het die eerste keer sy naam gekry toe Miles Davis in 1948 by ŉ orkes van nege spelers aangesluit het; ŉ nonet wat stadiger, plofbare en *blues*-agtige jazz-musiek in New York uitgevoer het.
- Net soos bebop ŉ reaksie teen big band-musiek was, was *cool jazz* ŉ reaksie teen bebop.
- "*Cool*" verwys na ŉ kalmer, ontspanne beheersde styl met sagter toonkleure, stadiger tempo's en meer ritmiese plooibaarheid.
- *Cool Jazz* het grootliks staatgemaak op uitgebreide musiekverwerkings.

Enige 4 feite

Kunstenaar en verteenwoordigende werk:

- Chet Baker – *New Morning Blues*
- Gerry Mulligan – *Walkin' Shoes*
- Gerry Mulligan – *Bernie's Tune*
- Gerry Mulligan – *Nights At The Turntable*
- Lee Konitz – *Sub-conscious-Lee* **Enige 1 kunstenaar + werk**

Modale Jazz
Styleienskappe:

- Modale jazz het uit *cool jazz* ontwikkel in die laat-1950's en 1960's.
- Dit gebruik die sewe modusse wat in ou Westerse kunsmusiek voorgekom het as raamwerk vir improvisasie.
- Modale jazz het ŉ stadige harmoniese ritme met ŉ enkele akkoord wat vir sestien mate kan herhaal.
- Modale jazz gebruik dus eerder musikale modusse as ŉ basiese standaard funksionele harmoniese akkoordbasis.
- Pedaalpunt of dreunbas word dikwels gebruik.
- Modale jazz se harmonie is gebaseer op sekere note van ŉ gegewe modus.
- Vergrote klem op kleur en verminderde fokus op akkoord-oplossings

Enige 4 feite

Kunstenaar en verteenwoordigende werk (enige EEN):

- Miles Davis – *So What*
- John Coltrane – *Impressions*
- Herbie Hancock – *Maiden Voyage* **Enige 1 kunstenaar + werk**

Bebop
Styleienskappe:

- Bebop is vinnige jazz met gevorderde harmonieë.
- Die term 'bebop' kom van die kort, onreëlmatige, sterk geaksentueerde polsslae wat onverwags deur die bastrom uitgevoer word.
- Bebop baseer op vinnige, gekompliseerde improvisasies met vinnige, onvoorspelbare note en ongewone harmonieë.
- Word gespeel deur ŉ klein orkes (4 tot 6 spelers) **Enige 4 feite**

Kunstenaar en verteenwoordigende werk:

- John 'Dizzy' Gillespie (trompetblaser) – *Salt Peanuts*
- Charlie Parker (saxofoonblaser) – *Yardbird Suite*
- Thelonious Monk (pianis) – *Misterioso* **Enige 1 kunstenaar + werk**

Hardbop
Styleienskappe:

- ŉ Uitbreiding van bebop wat in die 1950's en 1960's ontwikkel het.
- Hardbop het volkselemente uit die blues asook gospeltradisies geïnkorporeer om musiek te skep wat soms ook as "*soul*" bekendstaan.
- Hardbop verskil op die volgende maniere van bebop: ŉ eenvoudiger styl;
  groter verskeidenheid in begeleidende patrone;
  minder afhanklik van die gebruik van populêre liedvorme en akkoordprogressie;
- musiek is opgewek en kragtig en word deur donker toonkleure gekenmerk;
- meer klem op swing-ritmes;
- luidrugtiger en meer meewerkende ritmeseksie;
- meer melodiese inhoud met herhalende begeleidings;
- minder improvisasie, en hardbop het ŉ "tawwer" luim **Enige 4 feite**

Kunstenaar en verteenwoordigende werk:

- John Coltrane – *Giant Steps* (album uitgereik in 1960)
- Julian 'Cannonball' Adderley – *Fallen Feathers*
- Art Blakey – *Moanin'*
- John Coltrane – *Mr P.C.*
- Clifford Brown – *Joy Spring*
- Julian 'Cannonball' Adderley – *Mercy, mercy, mercy*

Enige 1 kunstenaar + werk (6)
(Enige 2 × 6) **[12]**

EN

VRAAG 11

Beskryf die genre/styl, belangrike kenmerke en invloedryke kunstenaar(s) van TWEE van die volgende Jazz-style.

- Fusie
- Vrye en *Avant-Garde* Jazz
- Gladde Jazz

Genre/styl	**2 punte**
Kenmerke	**2 punte**
Kunstenaar	**1 punt**

Fusie

Genre/styl

- Sintese van jazz en *rock* wat ontwikkel het uit ŉ mengsel van *funk* en R&B-ritmes
- sowel as die klankversterking en elektroniese effekte van rockmusiek.
- Word soms "*jazz rock*" genoem vir musiek voorgedra deur *rock*-bands van die laat 1960's en 1970's wat jazz elemente in hulle musiek gebruik het.

Enige 2 feite

Kenmerke

- Komplekse tydmaattekens
- Vertoon tegniese vaardigheid in lang groepimprovisasies wat dikwels deur hout- en koperblasers gespeel word.
- Instrumente: akoestiese instrumente, sintetiseerders, elektriese klawerbord, elektriese kitaar, elektriese baskitaar, saksofoon, trompet en tromme.
- Akoestiese instrumente word dikwels met elektriese aanhangsels gespeel wat meer speelruimte vir tonale effekte gee.
- Die nuwe elektroniese instrumente het die omvang van tonale effekte uitgebrei, en elektronika is gebruik om die toonkleure van akoestiese instrumente te altereer.
- Gebruik ŉ groot slagwerkafdeling wat instrumente van Afrika, Latyns-Amerika of Indië insluit.
- Plaas dikwels klem op die groep, eerder as op die individuele sanger of speler, m.a.w. verskuif die fokus van die individuele speler of solis na die groep se klank. **Enige 2 feite**

Kunstenaar

- Miles Davis
- Chick Corea
- Herbie Hancock
- Joe Zawinul **Enige 1 kunstenaar**

Vrye en avant-garde jazz ("avant-jazz")

Genre/styl

- Vrye jazz is omtrent heeltemal spontaan en is nie op reëlmatige vorms en vasgestelde akkoordpatrone gebaseer nie.
- Improvisasies volg nie meer ŉ voorafbeplande patroon nie.
- Avant-garde jazz het ŉ voorafbepaalde struktuur waarvolgens improvisasie plaasvind.
- Hierdie struktuur is dikwels noot vir noot vooruit gedeeltelik gekomponeer.
- Beide vry en avant-garde jazz gee uitdrukking aan die "stem" of "klank" van die musikus. **Enige 2 feite**

Kenmerke

- Gebruik jazz-idiome
- Vrye jazz is atonaal. Hiermee bedoel ons daar is geen voorafgereëlde akkoordsekwense wat op ŉ toonsoort gebaseer is nie.
- Gebruik onkonvensionele klanke op hul instrumente.
- Die rol van improvisasie neem toe.
- Gespeel deur ŉ kleiner groepie musikante.
- Behou ŉ algemene pols en *swing*, maar sonder ŉ reëlmatige maatslag met gereelde *accelerando's* en *ritardando's*.
- Gebruik harmoniese strukture waarop die improviseerders ŉ solo speel wat op note van die akkoorde gebaseer is.
- Gebruik ŉ verskeidenheid ritmes en tempo's, asook rubato.
- Tipiese instrumente: saksofoon, trompet, tromboon, klavier, kitaar, kontrabas en tromme.
- Diatoniese, gealtereerde dominant- en bluesfrases word ook in die musiek gebruik. **Enige 2 feite**

Kunstenaar

- Ornette Coleman
- John Coltrane (saksofoonspeler)
- Charles Mingus
- Miles Davis **Enige 1 kunstenaar**

Gladde Jazz

Genre/styl

- Ontstaan in die Verenigde State van Amerika in die vroeë 1970's en ontwikkel tot nou toe.
- Kan ook as 'n uitbreiding van *Jazz Fusion* beskou word, maar waar kontemporêre musiek die volle aandag van die luisteraar kry, word Gladde jazz meestal as agtergrondmusiek gebruik.
- Dit was ook deur R&B-, jazz-, funk-, *rock*- en pop-musiekstyle beïnvloed.

Enige 2 feite

Kenmerke

- Tipiese gladde jazz het 'n stadiger tempo as fusie, van ongeveer 90 tot 106 maatslae per minuut.
- Sluit dikwels geprogrammeerde ritmes of herkenbare patrone met of sonder voorbeelde in.
- Instrumente wat vir die melodie gebruik word, is gewoonlik saksofone of die kitaar.
- Kunstenaars bespeel hulle instrumente op so 'n manier dat die melodieë vinnig herkenbaar is.
- Algemeen gesproke bevat gladde *jazz* minder improvisasie as ander jazz-musiekstyle en dit fokus direk op populêre musiekgehore en die luisteraar.

Enige 2 feite

Kunstenaar

- George Benson
- Pat Metheny
- Michael Brecker
- Kenny G **Enige 1 kunstenaar [10]**

EN

VRAAG 12

Tydens die bywoning van ʼn musiekkonferensie word jy versoek om ʼn kort inleiding oor EEN van die volgende Suid-Afrikaanse moderne samestellings te lewer:

- Maskanda
- Malombo music
- *Disco*
- *Bubble Gum*
- Kwaito

Definisies	(2)
Stylkenmerke	(4)
TWEE prominente kunstenaars	(2)

Maskanda

Definisie:

- Die woord *maskanda* kom van die Afrikaanse woord "musikant"
- en word met Zoeloe volksmusiek geassosieer. **2 feite**

Stylkemerke:

- Maskanda-musiek bestaan uit ʼn lied wat gaan oor die lewenservaring van die sanger, gewoonlik ʼn man wat sing oor sy lewenservaringe, daaglikse plesier, hartseer, ens.
- Die mense dans, speel tromme, klap hande op verskillende maniere en die danse wat voorgedra word, beeld die distrik of area waar die maskanda vandaan kom, uit.
- Word geassosieer met kitaar - Maskanda word op akoestiese kitare met staalsnare gespeel met plektrums om die perkussiewe klank te beklemtoon, en daar word dikwels gesê dat dit op die "Zoeloekitaar" uitgevoer word.
- Gebruik vinnige gesproke seksies wat bestaan uit Zoeloe lofgedigte bekend as 'izibongo'.
- Bekend as Zoeloe Blues, a.g.v. die sikliese en herhaalde pluk van snare op die kitaar.
- ʼn Tipiese maskanda-lied begin met ʼn boodskap (*izihlabo*) – "Dit is wat ek gaan speel, en dit is wie ek is." **Enige 4 feite**

Kunstenaars:

- Zibokwakhe Johnstone Mnyanda (ook bekend as Phuzekhemisi)
- Guy Buttery
- Johnny Clegg **Enige 2 kunstenaars**

Malombo musiek

Definisie:

- Bekend as ŉ musiekgenre wat ŉ unieke Suid-Afrikaanse klank en atmosfeer skep van 'stowwerige townships', geeste van die voorvaders en die kontras van die stad se helder neonligte soos reflekteer in die elektriese ghetto kitaarklanke van Mamelodi Township Jazz. **2 feite**

Stylkenmerke:

- Oor die algemeen bestaan die musiek uit losstaande, geïmproviseerde melodieuse en ritmiese frases wat ŉ dreunsingende poëtiese teks begelei.
- Word onderskei deur die gebruik van onkonvensionele instrumente soos Tabane se unieke kitaartegniek (akoesties/semi-akoesties),
- Afrika-slaginstrumente, penniefluit, blikke, fluitjies, ens.
- Tabane vermeng tradisionele komposisies en kulturele temas met sy akoestiese klanke **Enige 4 feite**

Kunstenaars:

- Philip Tabane
- Harari
- Stimela (Ray Phiri se groep)
- Malopoets **Enige 2 kunstenaars**

Disco

Definisie:

- Is ŉ gesofistikeerde dans-geörienteerde *rock*styl wat in die middel 1970's ontwikkel het.
- Disko ontstaan uit *soul*, *jazz* en *funk* en was in klubs gespeel. **2 feite**

Stylkenmerke:

- Die bastrom speel op elke pols.
- Gebruik elektroniese effekte en orkestrale klanke.
- Enkelvoudige vierslagmaat word meestal gebruik as tydmaatteken.
- Gebruik sinkopasie.
- Tempo wat teen ongeveer 120 maatslae per minuut gespeel word.
- Het treffende melodieë.
- Vers- en koorstruktuur wat omtrent altyd met ŉ inleiding begin.
- Maklike dansritmes. **Enige 4 feite**

Kunstenaars:

- *The Movers*
- Sipho "Hotstix" Mabuse **2 kunstenaars**

Bubble Gum

Definisie:

- *Bubble gum* is ŉ ligte, populêre dansmusiek wat deur Amerikaanse disko asook *mbaqanga* geïnspireer is.
- *Bubble gum* het gedurende die 1980's floreer en is deur die *Soul Brothers* met hulle sielvolle pop beïnvloed.
- *Bubble gum* leen idees van '*township'*-jive met stempartye verwerk as vraag-en-antwoordpatrone wat dikwels deur klankversterkers geproduseer word. **Enige 2 feite**

Stylkenmerke:

- Gebruik '*township'*-dansmusiekritmes, en het ŉ opmaat-klank
- Die styl kombineer *jive* en volksidiome.
- Liedjies het koorgedeeltes wat tipies saamgesing word.
- Eenvoudige akkoorde en harmonieë
- Herhaalde '*riffs'*
- Die sang behels frases waarin die vraag en antwoord idioom ŉ belangrike rol speel.
- Sintetiseerders, klawerborde, elektroniese slagwerk en monsternemers is die kenmerkende instrumente van die *bubble gum*-styl. **Enige 4 feite**

Kunstenaars:

- *The Soul Brothers*
- Brenda Fassie
- Chicco Twala
- Yvonne Chaka Chaka **Enige 2 kunstenaars**

Kwaito

Definisie:

- Kwaito kom van die Afrikaanse woord "kwaai". Dit kan *intens* beteken of *streng*, maar in Afrikaanse sleng kan dit ook *baie cool* beteken (byvoorbeeld "dis kwaai").
- Ontstaan tydens die 1990's in die townships van Suid-Afrika.
- Staan ook bekend as '*house'*-musiek. **Enige 2 feite**

Stylkenmerke:

- Die vroegste voorbeelde van kwaito-musiek is deur 'n polsende bas gekenmerk met ander ritmiese patrone wat in siklusse herhaal word, en sodoende die invloed van inheemse dansritmes weerspieël.
- Die taalgebruik in kwaito is *isicamtho* wat bekend is as 'n Suid-Afrikaanse 'township-sleng'.
- Gebaseer op house-musiek polsslae, maar gebruik 'n stadiger tempo.
- Diep baslyne wat dikwels deur manne gesing word.
- Gebruik min instrumente.
- Lirieke word meer gesing-praat (*chant*) as gesing of –rap.
- Nabootsing van hip-hop en rap word dikwels gebruik.
- Geassosieer met musiek wat 'n kulturele boodskap dra.
- Instrumente: sintetiseerder, '*sampler'*, slagwerk, vokale en '*drum machine'* (elektriese tromme).
- Die lirieke van baie populêre kwaito-liedjies fokus op dans en reflekteer eerder die ingesteldheid om genot te ervaar i.p.v. betrokke te raak by die politieke kwessies van die tyd. **Enige 4 feite**

Kunstenaars:

- Oscar waRona
- M'du Masilela
- Mandoza
- Arthur Mafakote
- Chiskop
- Zola
- Bongo Maffin **Enige 2 kunstenaars** **[8]**

OF

INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK

VRAAG 13

Gee ŉ kort oorsig oor die volgende TWEE deskundiges op die gebied van Inheemse Afrika-Musiek. Sluit in spesifieke stylkenmerke:

- Mama Madosini
- Princes Magogo

Mama Madosini

- Sy maak gebruik van antieke Afrika tradisionele progressies wat bestaan uit twee akkoorde, ŉ heeltoon uit mekaar.
- Haar musiek wek gevoelens en idees van ŉ geskiedkundige leefstyl op.
- Sy begelei haarself op die *uhadi* (musiekboog), *isitolotolo* (kaakharp of mondharp) en *umrhube* (mondboog).
- Sy sing in Xhosa en haar melodieë volg die melodiese kurwe van die gesproke woord.
- Sy maak gebruik van botone en
- haar melodieë baseer op ŉ toonleer soortgelyk aan die lidiese modus.

Enige 5 feite

Princes Magogo

- Prinses Magogo komponeer Zoeloe klassieke musiek.
- Prinses Magogo was ŉ sanger en sy het die *ugubhu* (ŉ geboë snaarinstrument met ŉ kalbas as resonator) asook die *isithontolo* (ŉ soort boog) gespeel.
- Sy het ŉ groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van tradisionele musiek.
- Prinses Magogo lewer ŉ uitstaande bydrae tot die behoud en ontwikkeling van tradisionele musiek in Suid-Afrika. Sy het baie jong sangers opgelei en die behoud van tradisionele Zoeloemusiek verseker.
- Sy het tradisionele rolle uitgedaag, eers deur as ŉ lofsanger (*imbongi*) op te tree, ŉ rol wat tradisioneel deur mans beklee word, en toe deur publieke uitvoerings te lewer.
- Haar werke bestaan grotendeels uit bestaande Zoeloe-liedere en volksverhale.
- Prinses Magogo het baie bestaande Zoeloeliedere en volksverhale hersien en geïmproviseer, en uitgebrei met begeleidings deur die *ughubu*.
- Sy voorsien ŉ verbintenis aan die Zoeloe-kultuur erfenis. Prinses Magogo self is as ŉ deskundige beskou op die gebied van Zoeloemusiek en Zoeloetradisies, geskiedenis en volkskunde. **Enige 5 feite** **[10]**

VRAAG 14

Skryf ŉ opstel oor EEN van die volgende moderne musiekblyspele:

- *Ipi Tombi*
- *African Footprint*
- *Africa Umoja*
- *Sarafina!*
- *uMabatha*

Jou opstel moet die volgende insluit:

- storielyn
- karakters
- musiekstyl
- biografiese besonderhede
- oorsprong

Ipi Tombi

- Dit is ŉ feesviering van swart Suid-Afrikaanse kultuur deur vrolike danse en musiek van inheemse oorsprong.
- Die storie begin in ŉ klein dorpie met donderende seremoniële danse in kleurvolle stamklere.
- Die primitiewe storie is eg Suid-Afrikaans en die werk is geadverteer as ŉ 'Afrika-dans feesviering'.
- *Ipi Tombi* – wat beteken "Waar is die meisies?" – is ŉ verhaal van ŉ jong Zoeloe-stamlid wat besluit om stad toe te gaan op soek na ŉ beter lewe.
- ŉ Liefdesverhaal ontwikkel tussen ŉ meisie van die dorp en ŉ jong man wat by die myne gaan werk het.
- Terwyl haar geliefde reis vanaf die platteland na die stad verander die stamseremonies in "*break dancing*", jubelende Suid-Afrikaanse rock en roll asook "gospel"-sang.
- Die jeug, wat tussen die dorpie se oorsprong en stedelike versoekings staan, verpersoonlik die essensiële Afrika konflik tussen die antieke en moderne wêrelde.
- Die skouspelagtige troue tussen die seun en sy meisie simboliseer ŉ huwelik van stam- en stedelike kulture.
- Van die onvergeetlike items is die kobradans met hipnotiserende gloei-in-die-donker kostuums, asook ŉ gospel-halleluja-koor wat die gehoor laat dawer.
- *Ipi Tombi* kan as ŉ nasionale opera van Suid-Afrika beskou word.

African Footprint

- *African Footprint* herdenk Afrika-danse en is om hierdie rede ook ʼn dansrevue eerder as ʼn musiekblyspel.
- Dit is ʼn vertoning wat deur kort danstonele bymekaar gehou word wat elk ʼn Afrika-kultuur verteenwoordig.
- Daar is ook baie tromme wat gespeel word en ballades om die tempo te varieer.
- Dit vermeng die hipnotiese hartslag van die Afrika-trom; die opwindende pennefluit; die inspirerende woorde van Don Mattera met kwêla-jive;
- En dit vermeng tradisionele gumboot; "tap"-danse; kontemporêre ballet; en hip-hop pantsula in ʼn plotselinge ontploffing van sang en dans.
- Die produksie het meer as 3 800 vertonings gehad sedert sy debuut by die Gold Reef City Globe-teater in Mei 2000.
- Bygenaamd as "*Die Volk se Musiekspel*" deur resensente in Noord-Amerika, Europa en die Verre Ooste, het dié produksie van die oorspronklike 12 dansers en vier tromspelers tot ʼn geselskap van 34 gegroei.
- Verskillende dansstyle is gebonde aan ʼn historiese konteks met die skakel-verteller wat die digkuns van die vername digter van Sophiatown in Johannesburg, Don Mattera betrek in dié 90-minuut-lange musiekspel.
- Uitvoerende vervaardiger Richard Loring skat dat die lang durende treffer meer as 200 Suid-Afrikaanse spelers in die internasionale kollig geplaas het tydens sy suksesvolle oorsee toere.

Africa Umoja

- *Africa Umoja* is ʼn dansskouspel wat nie ʼn musiekblyspel is nie, maar liewer ʼn revue met ʼn vertoonvenster vir dansers.
- *Africa Umoja* vertel die verhaal van Suid-Afrikaanse inheemse musiek – van die vroeë ritmes tot kwaito.
- *Africa Umoja* vertel die vermaaklike en lewensveranderende storie van ʼn groep verarmde Samboeroe vroue in Noord-Kenia wat hul lewens verbeter tot deur hul eie vrouegemeenskap en dorpie te stig.
- Rebecca lolosoli, ʼn charismatiese kruisvaarder vir vroueregte, bring die vroue saam om ʼn dorpie van *Umoja* (eenheid) op ʼn onbesette veld in die droë graslande te vestig.
- Die voue begin hul eie toerisme-dorpie, maar het vinnig misluk weens ʼn gebrek aan Engels vaardighede en beperkte vaardighede in die maak van juweliersware.
- Die manne probeer egter om die toeriste te stop wat by *Umoja* arriveer en begin om die dorpie daagliks te roof.
- Die vroue probeer egter hul bes om die dorpie aan die gang te hou deur dag en nag te werk.

Sarafina!

- *Sarafina!* is gebaseer op die Soweto-skoolopstande wat op 16 Junie 1976 plaasgevind het.
- In 1992 is dit in ŉ soortgename suksesvolle film verwerk met Whoopi Goldberg asook die oorspronklike "Sarafina", Leleti Khumalo, in die hoofrolle.
- Die musiekblyspel was die eerste keer in Januarie 1988 op Broadway in New York opgevoer.
- Mbongeni Ngema (gebore in Zoeloeland) is ŉ vername dramaturg en draaiboekskrywer wat bekendheid verwerf het vir *Sarafina!* waarvan hy die boek, musiek en die lirieke geskryf het.
- Die musiekblyspel is die eerste keer in 1987 in Suid-Afrika vervaardig by die Markteater in Johannesburg.
- Leleti Khumalo het ŉ Tony-toekenning-nominasie vir Beste Aktrise in ŉ Musiekblyspel ontvang.
- ŉ Verteller stel verskeie karakters onder andere die skoolmeisie en aktivis, Sarafina bekend.
- Chaos breek uit wanneer verskeie leerlinge deur polisiemans geskiet word.
- Die musiekblyspel eindig met ŉ opwindende opvoering deur die leerders wat die skool verlaat.
- Ná die aanvanklike chaos en uiterste verknorsing van die polisie om leerders te skiet wat betoog teen dit wat hulle glo hul reg is – om die beste moontlike opvoeding te ontvang – en die intense hartseer tydens die begrafnisdienste, verskyn daar ŉ ligpuntjie.
- Die musiekblyspel word met die lied "*Freedom is near*" afgesluit.

uMabatha

- *uMabatha* (die Zoeloe-*Macbeth*) is in 1970 deur Msomi geskryf.
- Dit is ŉ verwerking van Shakespeare se *Macbeth* in die Zoeloe-kultuur van die vroeë 19de eeu, en vertel hoe Mabatha vir Dingaan verslaan het. Die storielyn van *Macbeth* is nie gedupliseer nie.
- Vertel ŉ storie van Shaka die Zoeloe-koning se gulsigheid en verraad.
- Shaka het roekeloos opgetree om te bereik wat hy wou en hy het enigiemand vermoor wat in sy pad gestaan het.
- Stamdanse maak gebruik van Zoeloe-klere en geheimsinnige taal soos in tradisionele gebruike.
- Maskers, smeekdanse, geestesbeswering, uittarting en minagting bou die storie van tradisie, towerkuns en rituele.
- *uMabatha* speel af in die Zoeloe-nasie se kultuur tydens die laat 1700's tot die vroeë 1800's, tydens die bewind van die Zoeloe-konings Shaka en Dingaan.
- Die eerste opvoering was in 1971 by die Universiteit van Natal se buitelugteater.
- In 1972 was dit gepremière by die Royal Shakespeare se Aldwych-teater in Londen.

[9]

EN

VRAAG 15

15.1 Skryf ŉ kort paragraaf waarin jy DRIE vokale tegnieke bespreek. Noem die tegniek en gee ŉ beskrywing van elk.

Krepitasie

- Dit is ŉ klanktegniek wat dikwels saam met vokaalwysies en mondtromspel gebruik word.
- Dit kom dikwels as ŉ "rou" vokale klank voor.

Onomatopeïese sang

- ŉ Woord wat die klank wat dit beskryf, naboots of verteenwoordig word onomatopeïes genoem.
- Deur dit te sing behels geluide wat klanke naboots en dit word onomatopeïese sang genoem.

Ululasie

- Wanneer ŉ mens ululeer, word die "gehuil" geskep deur ŉ harde stemklank soos la te maak terwyl jou tong vinnig agtertoe en vorentoe in jou mond beweeg.
- Die kleintongetjie vibreer ook vinnig.

1 Punt vir noem van vokale tegniek
1 Punt vir beskrywing van vokale tegniek (6)

15.2 Definieer die volgende terme:

15.2.1 *Fonestetika*
Gebruik van klanke wat ander idees of instrumente verteenwoordig (2)

15.2.2 *Taboes*

- Om iets as heilig en verbode te verklaar
- ŉ Verbanning veroorsaak deur sosiale persoonlikheid of emosionele weersin (3)

[11]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Kandidate wat in WESTERSE KUNSMUSIEK spesialiseer, moet VRAAG 17 EN VRAAG 18 beantwoord.
Kandidate wat in JAZZ spesialiseer moet VRAAG 16 EN VRAAG 18 beantwoord.
Kandidate wat in INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK spesialiseer moet VRAAG 16 EN VRAAG 17 beantwoord.

VRAAG 16: OORSIG VAN WESTERSE KUNSMUSIEK

Kies 'n beskrywing/definisie van KOLOM B wat ooreenstem met die musiek-term/genre/styl in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A tot E) in die spasie wat voorsien word op die antwoordblad, bv. 16.6 F.

KOLOM A (MUSIEK-TERM/GENRE/STYL)		KOLOM B (BESKRYWING)	
16.1	Simfonie	A	'n Klawerbordinstrument wat hoofsaaklik tydens die Barokperiode gebruik is
16.2	Homofonie	B	Komponeer in die Impressionistiese styl
16.3	Stryktrio	C	'n Grootskaalse werk vir orkes
16.4	Debussy	D	Bestaan uit 'n Viool, Altviool en Tjello
16.5	Klavesimbel	E	'n Duidelike melodie met akkoordbegeleiding

ANTWOORDE:

16.1 C (1) 16.2 E (1) 16.3 D (1)

16.4 B (1) 16.5 A (1) **[5]**

VRAAG 17: OORSIG VAN JAZZ

Kies 'n beskrywing/definisie van KOLOM B wat ooreenstem met die musiek-term/genre/styl in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A tot E) in die spasie wat voorsien word op die antwoordblad, bv. 17.6 F.

KOLOM A (MUSIEK-TERM/GENRE/STYL)		KOLOM B (BESKRYWING)	
17.1	Joplin	A	Bestaan uit verlaagde 3de, 5de en 7de note
17.2	Bebop	B	'n Beklemtoning of aksent op die swak polsslae in 'n maat
17.3	Improvisasie	C	'n Komponis van *Ragtime*
17.4	Sinkopasie	D	'n Styl bestaande uit vinnige akkoordveranderings en ingewikkelde melodieë
17.5	*Blues*-toonleer	E	Kuns om musiek te skep en spontaan voor te dra

ANTWOORDE:

17.1 C (1) 17.2 D (1) 17.3 E (1)

17.4 B (1) 17.5 A (1) **[5]**

VRAAG 18: OORSIG VAN INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK

Kies ʼn beskrywing/definisie van KOLOM B wat ooreenstem met die musiek-term/genre/styl in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A tot E) in die spasie wat voorsien word op die antwoordblad, bv. 18.6 F.

KOLOM A (MUSIEK-TERM/GENRE/STYL)		KOLOM B (BESKRYWING)	
18.1	Botoonsang	A	ʼn Sangstyl waarin ʼn solis ʼn frase sing waarna die koor met ʼn antwoordfase reageer
18.2	*Uhadi*	B	Gelyktydige gebruik van twee of meer opvallend kontrasterende ritmes in verskillende partye van ʼn komposisie
18.3	Poliritme	C	Dansmusiek met ʼn mengsel van Dixieland en *Ragtime* met herhalende melodieë
18.4	*Marabi*	D	ʼn Fundamentele noot word gesing terwyl ʼn hoë, eteriese melodie bokant dié grondtoon geskep word deur sekere botone te versterk
18.5	Roep en Antwoord	E	ʼn Instrument van die Xhosas bestaande uit ʼn boog, ʼn snaar en ʼn kalbasresonator

ANTWOORDE:

18.1 D (1) 18.2 E (1) 18.3 B (1)

18.4 C (1) 18.5 A (1) **[5]**

TOTAAL AFDELING D: 10
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou